

*WIE SAL DIE SKITTERENDE KROON  
DRA ?*



## *INLEIDING*

### *TIEN SLAPERIGE MAAGDE: IS JY GEREED VIR CHRISTUS SE WEDERKOMS?*

**U**it die gelykenis van die Tien Maagde in Mattheüs 25:1-13, kan ons 'n paar belangrike geestelike lesse leer. Terwyl ons aan hierdie dinge dink, moet ons onthou dat dit 'n gelykenis vir "ingeligtes is", vir kerkklidmate en godsdienstige mense van alle denominasies. Dit is vir diegene wat 'n gehegtheid aan Christus het en wat 'n getrouheid aan hom bely.

#### *DIE WARE AARD VAN DIE SIGBARE KERK*

Die doel van Christus se gelykenis is om ons daaraan te herinner dat net omdat jy kerk toe gaan nie beteken dat jy werklik wedergebore is nie. Mense gaan kerk toe vir verskillende redes, sommige goed en ander nie so goed nie.

Kerk toe gaan is goed; om na Christus te kom is beter.

Om gedoop te wees is goed; om wedergebore te wees is beter.

Om geld te gee is goed; om jou hart aan Jesus te gee is beter.

Om godsdienstig te wees is goed; om Christus as Here en Verlosser te ken is beter.

Jy kan 'n lidmaat van enige kerk wees en steeds nie 'n ware Christen wees nie. Vir sommige mense is dit 'n skokkende gedagte, maar dit is nietemin waar. Kerklidmaatskap identifiseer jou met die sigbare kerk van Christus, maar slegs ware, reddende geloof maak jou 'n lidmaat van die onsigbare kerk van hulle wat die Here waarlik ken.

#### *DIE ONMOONTLIKHEID VAN "GELEENDE" GELOOF*

Een opvallende kenmerk van die gelykenis vind plaas wanneer die onverstandige maagde die verstandige maagde vra om vir hulle olie te leen.

Die weiering mag selfsugtig en onvriendelik voorkom, tensy jy die situasie verstaan. Om die olie te leen sou beteken dat niemand genoeg olie sou hê nie. En die groter saak is duidelik. Niemand kan 'n ander persoon se geloof "leen" nie. Jy kan nie in die hemel kom deur naby 'n verlore persoon te bly nie. Eendag sal jy voor die Here staan en Hy sal sê: Hoekom moet ek jou in die hemel toelaat? Watter antwoord sal jy gee?

Verlossing is altyd 'n persoonlike saak. Jy kan nie hemel toe gaan deur aan iemand se baadjiepante vas te hou nie. Jy moet self op jou eie en vir jouself in Jesus glo en nie op diegene rondom jou staatmaak nie. Wat verteenwoordig die olie? Die beste antwoord skyn te wees dat dit die innerlike voorbereiding van die hart vir Jesus se wederkoms verteenwoordig. Of ons kan sê dit verteenwoordig ware bekering. In die Ou Testament staan olie dikwels vir die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Ons kan dus sê dat die olie verteenwoordig die inwonende krag van die Heilige Gees wat ware bekering vergesel. Die vyf verstandige maagde verteenwoordig diegene wie se harte waarlik deur die krag van die Heilige Gees verander is. Die vyf onverstandige maagde verteenwoordig godsdienstige mense wat onder die oortuiging van die Gees kom, maar nooit werklik bekeer word nie.

### ***DIE KOMENDE EINDE VAN DIE TYD VAN GENADE***

Onthou die gewigtige woorde in vers 10: **En die deur is gesluit**. Geen deur bly vir altyd oop nie. Die onverstandige maagde het vergeet om ekstra olie te bring en het toe gegaan om ekstra olie te koop. Teen die tyd toe hulle terugkom, was die deur gesluit. Dit was te laat!!

Vandag is die deur van verlossing vir een en almal wawyd oop. Wanneer jy sterf, sluit die deur. Sommige mense tree op asof hulle vir ewig gaan leef. Wat is jou lewe? **Dit is 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn**. - Jakobus 4:13-17. Niemand weet wat môre mag inhou nie.

Moenie sê: "Ek sal eendag na Christus toe kom" nie. Kom nou. Moenie vir "eendag" wag nie. As jy wag, mag jy jou hart verhard en nooit kom nie. Kom nou!

### ***DIE GEVAAR VAN SELFMISLEIDING***

Laastens sien ons in hierdie gelykenis die gevaar van selfmisleiding. Wat 'n hartseer toneel wanneer die vyf onverstandige maagde by die deur pleit: **Meneer, Meneer, maak vir ons oop!** Van binne kom die ernstige antwoord: **Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.** Hulle was nooit die bruidegom se vyande nie en hulle het gedink hulle was gereed om hom te ontmoet, maar hulle was nie. Op dieselfde wyse sal baie godsdienstige mense tragies verras wees wanneer hulle op daardie dag uiterlike geregtigheid en innerlike leegheid aanbied slegs om te hoor die Here sê: **Ek ken julle nie.**

Ek is selfs meer getref deur die feit dat hierdie vyf maagde nooit sondaars genoem was nie. Hulle was nooit van erge immoraliteit beskuldig nie. Uiterlik het dit gelyk of hulle gereed was om die bruidegom te ontmoet. Dit is duidelik dat hulle hom regtig wou ontmoet. Dit is deel van die tragedie. As hulle ooglopend sondige vrouens was, kon ons hulle uitsluiting van die banket verstaan, maar tussen hulle en die vyf verstandige maagde is daar min te kies. Uiterlik is almal dieselfde, maar innerlik was daar 'n reuse verskil. Die vyf onverstandige maagde was nie gereed nie, hulle kon nie olie leen nie en hulle kon nie hulle toelating oop smee nie. Hierdie maagde het niks gedoen nie - en dit was hulle probleem. Hulle het alles reg gedoen, behalwe dit wat die meeste saak gemaak het en dit is hoekom hulle van die banket uitgesluit was.

Sommige mense sal die hemel mis en dit sal niemand se fout, behalwe hulle eie wees nie. Indien jy die hemel mis, kyk in die spieël en jy sal die antwoord kry.

Sommige mense sal die waarde van Christus te laat uitvind. Hulle sal skielik besef hoe verkeerd hulle was, maar die deur sal reeds gesluit wees. Die wêreld sal eendag verklaar dat die getroue volgelinge van Christus 'n wyse


besluit geneem het. Vandag is die deur van verlossing wawyd oop. Eindag sal dit vir ewig sluit. Maak seker jy is aan die regte kant van die deur wanneer daardie dag aanbreek.

Vertaal en saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

Tel. 021 872 8756 Sel: 076 689 9246

E-pos: [stellie@telkomsa.net](mailto:stellie@telkomsa.net)

\*\*\*\*\*



Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. - Openb. 19:7.

Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit. - Matt. 25:10.

Die karakter van Jesus was in hulle gereproduseer.

**MAAR**

**Meneer, Meneer, maak vir ons oop! Maar die bruidegom antwoord: Ek sê vir julle: Ek ken julle nie. - Matt. 25:11.**

Sonder twyfel die hartseerste woorde in die hele Skrif.



## VOLKOME TOEWYDING

**L**iewe broeder en suster K: In my jongste gesig is sommige dinge aan my aangaande u gesin getoon. Die Here koester gedagtes van genade teenoor u en Hy sal u nie verlaat, tensy u Hom verlaat nie. L en M se toestand is lou. Hulle sal moet wakker word en pogings tot die saligheid moet maak, of hulle sal nie die ewige lewe verkry nie. Daar moet by hulle 'n persoonlike verantwoordelikheidsgevoel wees en hulle moet 'n eie, geestelike lewe hê. Daar moet 'n werk in hulle harte gedoen word deur die Heilige Gees van God wat hulle sal lei om die geselskap van God se kinders lief te hê en dit bo enige ander te verkies. Hulle moet hulle afskei van diegene wat geen liefde vir geestelike dinge het nie. Jesus verwag 'n volmaakte offer en algehele toewyding.

L en M julle het nie besef dat God julle onverdeelde liefde wil hê nie. Julle het 'n heilige belydenis gedoen, maar julle het tot die peil gedaal van belyers net in naam. Julle hou van die geselskap van jongmense wat geen trek het vir die heilige waarhede wat julle bely nie. Julle het geword soos diegene met wie julle omgaan en julle is tevrede met net genoeg godsdiens om julle by almal gewild te maak en niemand aanstoot te gee nie.

Christus vra alles. As Hy minder sou gevra het, sou Sy offer van Homself te duur gewees het, te groot as dit minder van ons geverg het. Die roepstem van ons heilige geloof is: Afskeiding. Ons moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig word nie, of net dooie belyers wees nie. **Word verander deur die vernuwing van julle gemoed.** - Rom. 12:2. Daar is 'n weg van selfverloëning. Wanneer julle dink dat die pad te nou is en dat dit te veel selfverloëning verg; wanneer julle sê: Hoe swaar is dit om alles op te gee vra julleself dan: Wat het Christus vir my opgegee? Daardie vraag sal al ons selfverloëning nietig laat lyk.

Aanskou Hom daar in die tuin waar Hy groot druppels bloed sweet. Een engel word uit die hemel gestuur om die Seun van God te versterk. Volg Hom na die geregsaal waar Hy deur die gepeupel gesmaad, bespot en beledig is. Aanskou Hom met die purper koningskleed aan. Hoor hoe spot die skare. Aanskou hoe hulle die doringkroon op Sy hoof plaas en Hom met 'n riet slaan, sodat die dorings deur Sy vlees steek en die bloed laat vloei.

Hoor hoe die bloeddorstige skare die lewe van die Seun van God eis. Hy word oorgegee in hulle hande en hulle lei Hom weg, bleek, swak en strompelend na die plek van kruisiging. Sy arms word aan die kruis oopgespalk en die spykers word deur Sy hande en voete geslaan. Aanskou Hom daar aan die kruis in daardie ure van foltering totdat die engele hulle aangesigte bedek vir die vreeslike skouspel en die son weier om op daardie toneel te skyn. Dink aan al daardie dinge en vra dan: Is die weg te nou? Nee! Nee!

In 'n verdeelde, halfhartige lewe word daar twyfel en duisternis gevind. Julle kan nie die vertroosting van die godsdiens en ook die vrede, wat die wêreld gee, smaak nie. Moenie in die Satan se gemakstoel van niksdoen sit nie, maar staan op en mik na die hoë standaard wat dit julle voorreg is om te bereik. Dit is 'n salige voorreg om alles vir Christus op te gee. Moenie na die lewens van ander kyk om hulle na te volg en dus nie hoër as hulle te styg nie. Daar is vir julle net een ware en betroubare Rolmodel. Dit is veilig om Jesus alleen te volg. Besluit dat julle diegene, wat soos geestelike slakke voortkruip, sal agterlaat en voorwaarts gaan tot 'n verhewe Christelike karakter. Bou 'n karakter vir die hemel. Moenie slaap op julle pos nie. Handel eerlik en opreg met julle eie siele.

Julle gee toe aan 'n sonde wat dreig om julle geestelikheid te vernietig. Dit sal die skoonheid van, en belangstelling in, die Bybel oorskadu. Lektuur wat die Heilige Boek toelig, en 'n begeerte skep om dit te lees, is nie gevaarlik nie, maar voordelig. Julle is aan my voorgestel met julle oë afgewend van die Heilige Boek en gevestig op opwindende boeke wat die dood van alle godsdiens sal beteken. Hoe meer julle die Skrifte lees, hoe mooier sal dit

vir julle word en hoe minder sal julle omgee vir ontspanningslektuur. Die daelikse ondersoek van die Skrifte sal 'n heiligmakende invloed op die gemoed hê. Julle sal 'n hemelse lug inasem. Koester daardie dierbare Boek in julle harte. In tye van benoudheid sal dit vir julle 'n vriend en 'n gids wees.

Julle het sekere doelwitte gehad in die lewe en hoe volhardend het julle gestreef om daardie doelwitte te verwesenlik! Julle het berekeninge en planne gemaak totdat julle verwagtings verwesenlik is. Maar daar is nou 'n doelwit vir julle wat julle lewenslange, onvermoeide strewes werd is: dit is die redding van julle siel en die ewige lewe. Dit sal selfverloëning, opofferings en harde studie verg. Julle moet gereinig en veredel word. Die reddende invloed van die Gees van God ontbreek by julle.

Suster K, ek het gesien dat jy 'n werk het om te doen. Jy moet sterf aan hoogmoed en al jou belangstelling moet in die waarheid wees. Jou ewige lotsbestemming sal geaffekteer word deur die weg wat jy nou bewandel. As jy die ewige lewe wil hê, sal jy jouself moet verloën en daarvoor moet lewe. Kom uit die wêreld uit en sonder jou af. Jou lewe moet deur nugterheid, waaksaamheid en gebed gekenmerk wees. Die engele hou die ontwikkeling van ons karakter dop en weeg die sedelike waardes. Al ons woorde en dade kom in oënskou voor God. Dit is 'n vreeslike en ernstige tyd. Die hoop op die ewige lewe moet nie berus op sulke swak gronde nie; dis 'n saak tussen jou eie siel en God. Sommige steun op die oordeel en geestelike lewe van ander liewer as om die moeite te doen om hulle eie harte te ondersoek en hulle sal so vir maande en jare voortgaan sonder die getuienis van die Gees van God in hulle, of die bewys van hulle aanname. Hulle bedrieg hulleself. Hulle meen dat hulle hoop het, maar die kenmerke van 'n Christen is by hulle afwesig. Eerste van alles moet daar 'n deeglike werk in die hart gedoen word en dan sal hulle op 'n hoër peil lewe en die kenmerke dra van ware volgelingen van Christus. Dit kos inspanning en morele moed om ons geloof uit te lewe.



God se volk is 'n eiendomsvolk. Hulle gees kan nie meng met die gees en invloed van die wêreld nie. Jy wil die naam "Christen" dra en dit tog nie werd wees nie. Jy wil Jesus nie graag ontmoet met net 'n belydenis in naam nie. Jy wil nie in so 'n belangrike saak bedrieg wees nie. Ondersoek baie deeglik die gronde van jou hoop. Handel eerlik met jou eie siel. 'n Veronderstelde hoop sal jou nie red nie. Het jy die koste bereken? Ek vrees nie. Besluit nou om Christus te volg al kos dit ook wat. Jy sal dit nie kan doen en nog die geselskap geniet van mense wat geen trek vir geestelike dinge het nie. Jou gees en hulle s'n sal net so min meng as water en olie.

Dit is 'n baie groot iets om 'n kind van God en 'n mede-erfgenaar van Christus te wees. As dit jou voorreg is, sal jy die gemeenskap aan die lyding van Christus ken. God sien die hart aan. Ek het gesien dat jy Hom ernstig moet soek en op 'n hoër geestelike peil moet kom, of anders sal jy die ewige lewe mis. Jy moet jouself die vraag stel: Het Suster White dit gesien? Ja, ek het dit gesien, en ek het probeer om die indrukke wat aan my gegee was aan jou te openbaar. Mag die Here jou help om te verbeter.

Geagte broeder en suster, waak oor julle kinders. Die invloed en die gees van die wêreld vernietig alle begeerte by hulle om ware Christene te wees. Gebruik julle invloed om hulle weg te trek van jong maats wat geen belangstelling in geestelike dinge het nie. As hulle hemel toe wil gaan, sal hulle opofferings moet maak.

Vir wie kies julle, vra Christus: Vir My of die wêreld? God vra om die onvoorwaardelike oorgawe van die hart aan Hom. As julle vriende, broers en susters, vader of moeder, huise of besittings meer liefhet as vir My, het Christus gesê, is julle My nie waardig nie. Die godsdiens plaas die siel onder die grootste verpligting om volgens die beginsels daarvan te wandel. Net soos die magnetiese naald na die noorde wys, wys die aansprake van die godsdiens op die heerlijkheid [karakter] van God. U is deur u doopbeloftes gebind om u Skepper te eer, om uself te verloën en al u sinne en drifte en selfs u gedagtes tot gehoorsaamheid aan die wil van Christus te bring. - *Testimonies for the Church*, vol. 3, p. 45.

Julle wêreldsgesindheid maak julle nie geneë om die deur van die hart wyd oop te maak wanneer Christus klop om in te kom nie. Die Here van die heerlikheid wat julle met Sy eie bloed losgekoop het, het by die deur van julle hart gewag, maar julle het nie die deur oopgemaak en Hom binne verwelkom nie. Sommige het die deur op 'n skrefie oopgemaak en 'n bietjie van Sy aanskyn laat inkom, maar hulle het die hemelse Besoeker nie verwelkom nie. Daar was geen plek vir Jesus nie. Die plek wat vir Hom gehou moes gewees het, was deur ander dinge beset. Jesus het julle gesmeek: **As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My.** - Openb. 3:20. Daar was 'n werk vir julle om te doen om die deur oop te maak. Vir 'n tyd was julle geneig om gehoor te gee en die deur oop te maak; maar selfs daardie begeerte is nou weg en julle het nie daardie gemeenskap met die hemelse Gas gehad wat julle kon gehad het nie. Daar was darem sommige wat die deur oopgemaak en hulle Heiland laat inkom het. - Vol. 2, pp. 216.

\*\*\*\*\*

## WERKLIKE GODVRESENDHEID

**L**iewe Broeders en Susters: Dit druk swaar op my hart om aan julle te skryf. Weer en weer het ek myself bevind waar ek met julle in my drome praat en in elke geval is julle in die moeilikheid. Maar wat ook al gebeur, moenie dat dit julle morele moed verswak en veroorsaak dat julle godsdiens tot 'n hartelose vorm degenereer nie. Die liefdevolle Jesus is gereed om oorvloedig te seën, maar ons moet 'n ervaring in geloof, in ernstige gebed en in blydschap in die liefde van God verkry. Sal enigeen van ons geweeg en te lig bevind word? Ons moet ons self ondersoek, op ons hoede wees vir die geringste onheilige ingewings of aansporings van ons natuur, sodat ons nie verraaiers is van die hoë verantwoordelikhede wat God aan ons as Sy menslike verteenwoordigers toevertrou het nie.

Ons moet die waarskuwings en tereg wysings wat Hy Sy volk in vervloë dae gegee het, bestudeer. Ons het nie 'n gebrek aan lig nie. Ons weet watter werke ons moet vermy en watter vereistes Hy ons gegee het om aandag aan te gee. So, as ons nie daarna strewende om te weet wat reg is nie, is dit omdat sonde die vleeslike hart beter pas as dit wat reg is.

Daar sal altyd ongelowiges en ontroues wees wat wag om voorwaarts geneem te word deur die geloof van ander. Hulle het nie 'n proefondervindelike kennis van die waarheid nie en gevolglik het hulle nie die heiligende krag daarvan op hulle eie siele ervaar nie. Dit moet die werk van elke lidmaat van die Kerk wees om in stilte en ywerig hulle eie harte te ondersoek om te sien of sy/haar lewe en karakter in harmonie met God se hoë standaard van geregtigheid is.

Ons moet 'n hoër waarde op die Skrifte plaas as tot dusver, want daarin is die geopenbaarde wil van God aan mense. Dit is nie genoeg om net die waarheidsliewendheid van God se Woord aan te neem nie, ons moet die Skrifte ondersoek om te leer wat hulle behels. Ontvang ons die Bybel as **die Woord van God?** - 2 Sam. 16:23. Dit is so 'n werklike, Goddelike kommunikasie asof die woorde na ons in 'n hoorbare stem kom. Ons beseef nie sy kosbaarheid nie, omdat ons nie sy instruksies gehoorsaam nie.

Daar is oral rondom ons beseefte engele aan die werk, maar omdat ons nie hulle teenwoordigheid met ons natuurlike gesigsvermoë kan onderskei of gewaar nie, beskou ons nie die werklikheid van hulle bestaan, soos in God se Woord geopenbaar, soos ons moet nie. As daar niks in die Skrifte is wat moeilik is om te verstaan nie, sou die mens, in die ondersoeking van hulle bladsye, trots en selfstandig geword het. Dit is nooit goed vir 'n mens om te dink dat hy/sy elke fase van die waarheid verstaan nie, want hy/sy kan nie. Laat geen mens homself/haarself vly dat hy/sy 'n korrekte verstaan van al die Skrifgedeeltes het en dit sy/haar plig ag dat almal dit so moet verstaan nie. Intellektuele trots moet verban word. Ek verhef my stem teen elke soort geestelike trots. Daar is 'n oorvloed daarvan vandag in die Kerk.

Toe die waarheid, wat ons nou koester vir die eerste keer as Bybelwaarhede gesien was, hoe vreemd het dit voorgekom en hoe sterk was die teenkanting wat ons moes trotseer in die aanbieding daarvan aan die mense vir die eerste keer. Maar hoe ernstig en opreg was die gehoorsame, waarheidsliewende arbeiders! Ons was inderdaad 'n besonderse volk. Ons was min in getal, sonder rykdom, sonder wêreldse kennis en wêreldse eer. Nogtans het ons in God geglo en was sterk en suksesvol, 'n verskrikking vir sondaars. Ons liefde vir mekaar was onwankelbaar. Dit was nie maklik geskud nie. Toe was die krag van God onder ons geopenbaar, siekes was genees en daar was baie kalm, aangename, heilige blydskap. Maar terwyl die lig aangehou het om te vermeerder, het die Kerk nie in verhouding voortbeweeg nie. Die suiwer goud het geleidelik dof geword en 'n doodsheid en uiterlike vorm het ingekom om die energie, ywer, deursettingsvermoë en kragdadigheid van die Kerk lam te lê. Hulle oorfloedige voorregte en geleenthede het God se volk nie voorwaarts en opwaarts na reinheid en heiligheid gelei nie. 'n Getroue veredeling van die talente wat God aan hulle toevertrou het, sou daardie talente grootliks vermeerder het. Waar baie gegee is, sal baie verwag word. Slegs diegene wat getrou die lig wat God ons gegee het aanvaar en waardeer en wat 'n hoë en edel standpunt in selfverloëning en selfopoffering inneem, sal hande van lig aan die wêreld wees. Diegene wat nie vorentoe gaan nie, sal agteruitgaan, selfs op die ware grens van die hemelse Kanaän. Dit was aan my geopenbaar dat ons geloof en ons werke in geen opsig met die lig en waarheid wat geskenk is, ooreenstem nie. Ons moet nie 'n halfhartige geloof hê nie, maar daardie volkome geloof wat deur liefde werk en die siel reinig.

Teen een ding sal moet gewaak word en dit is individuele onafhanklikheid. As krygers in God se weermag moet daar gesamentlike optrede in die verskillende departemente van die werk wees. Niemand het die reg om op sy eie verantwoordelikheid voort te gaan en idees in ons gedrukte media oor Bybelse leerstellings te bevorder of te opper, terwyl dit bekend is dat ander van ons verskillende menings oor die onderwerp het en dat dit omstredenheid sal veroorsaak nie. Die Eerstedagadventiste het dit gedoen.

Elkeen het sy eie onafhanklike oordeel gevolg en probeer om oorspronklike idees aan te bied totdat daar geen gesamentlike optrede onder hulle was nie, behalwe in die opponering van Sewendedagadventiste. Ons moet nie hulle voorbeeld navolg nie. Elke arbeider moet in samewerking met die ander optree. Volgelinge van Jesus Christus sal nie onafhanklik van mekaar optree nie. Ons sterkte moet in God wees en dit moet behou word om in edel, gekonsentreerde optrede te voorskyn te kom. Dit moet nie in niksbeduidende bewegings vermors word nie.

Ons moet weet wat ons moet doen om gered te word. Ons moet nie, my broeders en susters, met die populêre stroom saamdryf nie. Ons werk tans is om uit die wêreld te kom en apart te wees. Dit is die enigste manier hoe ons met God kan wandel, soos Henog. Goddelike invloede het voortdurend met sy menslike pogings saamgewerk. Soos hy word 'n beroep op ons gedoen om 'n sterk, lewende en wakende geloof te hê en dit is die enigste manier hoe ons arbeiders saam met God kan wees. Ons moet aan die voorwaardes, in God se Woord neergelê, voldoen of in ons sondes sterf. Ons moet weet watter morele veranderinge noodsaaklik is om in ons karakters te maak, deur die genade van Christus, ten einde vir die herehuse daarbo geskik te wees. Ek sê vir julle in die vrees van God: Ons verkeer in die gevaar om soos die Jode te leef - sonder die liefde van God en onkundig omtrent Sy krag, terwyl die gloeiende lig van waarheid oral om ons skyn.

Tienduisend maal tienduisend mag bely om die wet en die evangelie te gehoorsaam en nogtans in sonde lewe. Mense mag op 'n helder en duidelike wyse die aansprake en eise van die waarheid aan andere aanbied of voorstel en nogtans is hulle eie harte vleeslik. Hulle mag sonde in die geheim liefhê en beoefen. Die waarheid van God mag vir hulle geen waarheid wees nie, omdat hulle harte nie daardeur geheilig is nie. Die liefde van die Verlosser mag oor hulle slegte en onedele hartstogte en passies geen weerhoudende of bedwingende mag uitoefen nie. Ons weet uit die geskiedenis van die verlede dat mense in heilige posisies mag staan en nogtans die waarheid van God bedrieglik hanteer. Hulle kan nie **heilige hande tot God ophef sonder**

**toorn en twis nie.** - 1 Tim. 2:8. Dit is omdat God geen beheer oor hulle verstand en gees het nie. Die waarheid was nooit op hulle harte afgestempel nie. **Met die hart glo ons tot geregtigheid.** - Rom. 10:10. **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.** - Matt. 22:37. Doen jy dit? Baie doen dit nie en het dit nog nooit gedoen nie. Hulle bekering was slegs kunsmatig.

**As julle dan, sê die apostel, saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.** - Kol. 3:1-2.

Die hart is die mens se vesting. Daaruit vloei die sake of kwessies van lewe of dood. Totdat die hart gereinig is, is 'n persoon onbevoeg om enige deel in die kameraadskap van die gelowiges te hê. Weet die Hart Ondersoeker nie wie in sonde talm of aanhou nie, sonder om op hulle siele te let? Was daar nie 'n getuienis tot die mees geheime dinge in die lewe van elkeen nie? Ek was genoodsaak om die woorde te hoor wat deur sommige mans aan vrouens en meisies gesê was - vleitaal en woorde wat sou mislei en verlief maak. Satan gebruik al hierdie middele om siele te verwoes. Sommige van julle mag aldus sy agente gewees het. Indien dit so is, sal julle hierdie dinge in die oordeel teëkom. Die engel het van diesulkes gesê: "Hulle harte was nooit aan die Here gegee nie. Christus is nie in hulle nie. Die waarheid is nie daar nie. Sy plek word deur sonde, misleiding en bedrog ingeneem. Die Woord van God word nie geglo en daarvolgens opgetree nie."

Die teenwoordige aktiwiteit van Satan in sy werking op harte en op die kerke en nasies moet elke student van profesie ontstel. Die einde is naby. Laat ons kerke wakkerskrik. Laat die krag van God wat kan verander in die harte van die individuele lidmate ondervind word. Dan sal ons die diep roeringe van die Gees van God sien. Die vergifnis van sonde is nie die enigste uitvloei van die dood van Jesus nie. Hy het die oneindige offer gebring, nie slegs sodat sonde verwyder kan word nie, maar dat die menslike natuur herstel, herververfraai [herversier], hersaamgestel van hulle puinhope kan word en vir die teenwoordigheid van God geskik gemaak kan word.

Ons moet ons geloof deur ons werke toon. 'n Groter begeerte en verlange moet geopenbaar word om 'n groter maat van die Gees van Christus te hê, want hierin sal die sterkte en krag van die Kerk lê. Dit is Satan wat daarna strewe om God se kinders van mekaar weg te trek. Liefde, o, hoe min liefde het ons - liefde vir God en vir mekaar! Die Woord en Gees van Waarheid, wat in ons harte woon, sal ons van die wêreld skei. Die onveranderbare beginsels van die waarheid en liefde sal hart aan hart verbind en die krag en sterkte van hierdie eenheid sal in ooreenstemming wees met die maat van genade en waarheid wat ondervind was. Dit sal vir ons goed wees, vir elkeen van ons om die spieël, God se koninklike wet, te neem en daarin die weerspieëling van Sy eie karakter sien. Laat ons versigtig wees om nie die gevaartekens en die waarskuwings, wat in Sy Woord gegee is, te verontagsaam nie. Tensy op hierdie waarskuwings ag geslaan word en karaktergebreke oorwin word, sal hierdie tekortkominge en gebreke diegene wat dit besit, oorwin en hulle sal in dwaalleer, afvalligheid en openlike sonde verval. Die verstand wat nie tot die hoogste standaard verhoog[verhef] is nie, sal met verloop van tyd die krag verloor om dit wat eens op 'n tyd verkry of bereik of verwerf was te behou. **Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.** - 1 Kor. 10:12. *Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose [goddelose] mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.* - 2 Pet. 3:17,18.

God het in hierdie laaste dae 'n volk uitverkies wat Hy die bewaarders van Sy wet gemaak het en hierdie volk sal altyd onaangename take hê om te vervul. *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.* - Openb. 2:2,3. Dit sal baie ywer en toewyding en 'n voortdurende stryd verg om sonde uit ons kerke te hou. Daar moet streng, onpartydige dissipline uitgeoefen word, want sommige wat 'n skyn

[voorkoms] van godsdiens het, sal probeer om die geloof van andere te ondermyn en sal in die geheim werk om hulleself te verhef.

Die Here Jesus het op die Olyfberg duidelik verklaar dat **omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die mense verkoel.**  
 - Matt. 24:12. Hy het gepraat van 'n groep wat van 'n hoë vlak of toestand van geestelikheid geval het. Laat uitsprake soos hierdie met 'n ernstige, plegtige, ondersoekende [deursoekende] krag aan ons harte tuisgebring word. Waar is die ywer en geesdrif, die toewyding aan God, wat ooreenstem met die grootsheid van die waarheid waarop ons aanspraak maak om te glo? Die liefde vir die wêreld, die liefde vir een of ander lieftingsonde, het die hart van die liefde vir gebed en van bepeinsing [oordenking] van heilige dinge losgemaak. 'n Vormlike rondte van godsdienstige verrigtinge word volgehou, maar waar is die liefde van Jesus? Geestelikheid is sterwende. Is hierdie doodsheid, hierdie droewige [treurige] agteruitgang bestem om voort te bestaan? Is die lamp van waarheid bestem om te flikker en in duisternis uit te doof, omdat dit nie weer deur die olie van genade volgemaak word nie?

Ek wens dat elke leraar en elkeen van ons arbeiders hierdie saak kon sien soos dit aan my voorgehou was. 'n Gevoel van eiewaarde en selfvoorsiening is dodelik vir die geestelike lewe. Die eie-ek word verhoog; oor die eie-ek word gepraat. O, dat die eie-ek mag sterf! **Ek sterf dag vir dag** sê die apostel Paulus in 1 Kor. 15:31. Wanneer hierdie trotse, grootpraterige selfvoorsiening en hierdie selfvoldane eiegeregtigheid die siel deurtrek, is daar geen plek vir Jesus nie. Aan Hom word 'n minderwaardige plek gegee, terwyl die eie-ek in belangrikheid toeneem en die hele tempel van die siel vul. Dit is die rede hoekom die Here so min vir ons kan doen. Sou Hy met ons pogings saamwerk, sou ons al die eer vir ons eie skrandtheid [slimheid] toe-eien en homself/haarself gelukwens soos die Fariseër: **Ek was twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.** - Lukas 18:12. Wanneer die eie-ek in Christus verborge is, sal dit nie so dikwels na die oppervlakte gebring word nie. Sal ons die gemoed van die Gees van God



bevredig? Sal ons meer by die praktiese godvresendheid stilstaan en baie minder by werktuiglike [sonder om te dink] reëlings?

Die diensknegte van Christus moet leef soos ten aanskoue van God en soos ten aanskoue van engele. Hulle moet probeer om die vereistes van ons tyd te verstaan en voorberei om hulle tegemoet te gaan. Satan val ons voortdurend op nuwe en onbeproefde wyses aan en hoekom moet die offisiere in God se weermag ondoeltreffend of onbekwaam wees? Hoekom moet hulle elke vermoë van hulle karakter [geaardheid] onontwikkel laat? Daar is 'n groot werk om te doen en as daar enige gebrek aan eensgesinde optrede is om dit te doen is dit as gevolg van selfsug en 'n gevoel van eiewaarde [selfagting]. Dit is slegs wanneer ons versigtig is om die Meester se opdragte uit te voer sonder om ons stempel en identiteit op die werk agter te laat dat ons doeltreffend en eensgesind werk. "Kom bymekaar", het die engel gesê, "kom bymekaar."

Ek dring by julle, wat in heilige dinge bedien, aan om meer by praktiese godsdiens stil te staan. Hoe selde word die tere [gevoelige] gewete en opregte, hartgrondige smart [droefheid, spyt] van die siel en oortuiging van sonde gesien? Dit is omdat daar geen diepe roeringe van die Gees van God onder ons is nie. Ons Verlosser is die leer wat Jakob gesien het waarvan die voetstuk op die aarde gerus het en waarvan die boonste sport die hoogste hemele bereik het. Dit toon die aangewese [bepaalde, vasgestelde] metode van verlossing. As enigeen van ons uiteindelik gered is, sal dit wees deur aan Jesus vas te hou soos aan die sporte van 'n leer. Vir die gelowige is Christus wysheid en geregtigheid, heiligmaking en verlossing gemaak. Laat niemand dink dit is maklik om die vyand te oorwin en dat hy/sy na Bo na 'n onverganklike erfenis sonder inspanning van sy/haar kant af gedra sal word nie. Om terug te kyk is om duiselig te word en om die greep te los is om te sterf. Enkeles waardeer die belangrikheid om aanhoudend te strewe om te oorwin. Hulle verslap hulle ywer en toewyding en, as 'n gevolg, word selfsugtig en gemaksugtig en genotsugtig. Geestelike waaksaamheid word

nie as belangrik beskou nie. Ernstigheid in die mens se inspanning word nie in die Christen se lewe ingebring nie.

Daar sal enkele, verskriklike valle wees deur diegene wat dink dat hulle vasstaan, omdat hulle die waarheid het, maar hulle het dit nie soos in Jesus nie. 'n Oomblik se agtelosigheid, traak-my-nieagtigheid kan 'n siel in onherstelbare ondergang dompel. Een sonde lei tot die tweede en die tweede berei die weg voor vir die derde, ensovoorts. Ons moet, as getroue boodskappers van God, voortdurend by Hom pleit om deur Sy krag bewaar te word. Indien ons 'n enkele sentimeter van ons plig sou afwyk, loop ons die gevaar om 'n weg van sonde te volg wat in die verdoemenis sal eindig. Daar is hoop vir elkeen van ons, maar slegs op een wyse, en dit is deur onself aan Christus te verbind en al ons kragte inspan om die volmaaktheid van Sy karakter te bereik.

Daardie godsdiens wat van sonde 'n geringe saak maak, wat by die liefde van God vir die sondaar stilstaan, ondanks al sy/haar optredes, bemoedig slegs die sondaar om te glo dat God hom/haar sal aanvaar, terwyl hy/sy voortgaan met dit wat hy/sy weet sonde is. Dit is wat sommige, wat bely om die waarheid vir ons dag te glo, besig is om te doen. Die waarheid word apart van die lewe gehou en dit is die rede hoekom dit geen krag het om die siel te oortuig en tot bekering te bring nie.

God het aan my getoon dat die waarheid soos dit in Jesus is nooit in die lewens van sommige lidmate ingebring was nie. Hulle het nie die godsdiens van die Bybel nie. Hulle was nooit bekeer nie en tensy hulle harte deur die waarheid wat hulle aanvaar het, geheilig word, sal hulle met die onkruid saamgebind word. Hulle dra nie trosse van die kosbare vrug om te toon dat hulle lote van die lewende Wingerdstok is nie.

*Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse*

*God, want Hy vergeef menigvuldiglik. - Jes. 55:6,7.* Die lewens van baie toon dat hulle gaan lewende verbinding met God het nie. Hulle is besig om in die kanaal van die wêreld in te dryf. Hulle het, in werklikheid, geen deel aan of lotgeval met Christus nie. Hulle is lief vir vermaak, pret en plesier en is met selfsugtige idees, planne, verwagtinge en ambisies vervul. Hulle dien die vyand onder die voorwendsel dat hulle God dien. Hulle is in slawerny aan 'n baas en hierdie knegskap wat hulle gekies het, maak hulleself gewillige slawe van Satan.

Die vals idee wat deur baie onderhou [gekoester] word, dat die beperking, beletting van kinders 'n benadeling, 'n verontregting is, verwoes duisende der duisende. Satan sal verseker besit van die kinders neem as julle nie op julle hoede is nie. Trek hulle weg. Kom uit onder diesulkes julleself en wys aan hulle dat julle aan die kant van die Here is.

Wil diegene wat daarop aanspraak maak om kinders van die Allerhoogste te wees nie die standaard verhoog, nie net terwyl julle in die byeenkomste byeenkom nie, maar vir solank as tyd sal aanhou?

Wil julle nie aan die kant van die Here wees en Hom met die volle voorneme van die hart dien nie? Indien julle doen wat die kinders van Israel gedoen het deur God se uitdruklike vereistes te versaaak, sal julle verseker van Sy oordele ontvang. As julle egter die sonde laat vaar en 'n lewende geloof beoefen, sal die rykste van die hemel se seëninge julle deel wees.

Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 5, pp. 532-541.

\*\*\*\*\*

## *GESKIK OM IN DIE AANGESIG VAN GOD TE LEWE*

**H**oe kan ons geskik wees? Wat moet in ons harte en ons lewens plaasvind? Gaan ek die laat reën belewenis ervaar of nie? Wat gaan

dit van my verg om die laat reën te ontvang? Verstaan mooi, as ek nie die laat reën ontvang nie, gaan ek dit nie hemel toe maak nie. Dit is hoe belangrik dit is. Stort God dit maar net uit op enigeen wat gevra het of is daar voorwaardes?

1 Johannes 3:8 sê: **Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel.** Ware godvresendheid begin nie voordat alle kompromie met sonde tot 'n einde gekom het nie. Laat dit baie duidelik by ons insink, ons deurtrek. Lewe jy 'n godvresende lewe sonder sonde deur die genade van God? Ons moet diep oor hierdie Skrifgedeelte nadink. Bedoel God wat Hy sê of neem ons 'n jakkalsdraai en sê: Ja, God sê dit, maar .....

Wees versigtig, want Spreuke 25:4 sê: **Verwyder jy die skuim uit die silwer, dan sal daar vir die silwersmid 'n voorwerp uitkom.** Waarvandaan verwyder jy die onsuiverheid, die skuim? Wat sal die silwer dan wees? Suiwer. Waarna verwys dit geestelik? Dit verwys na God se volk, dat alle skuim of onsuiverheid van ons verwyder moet word, sodat God kan voortgaan om ons te gebruik en ons vir die hemel voorberei.

Wat is die skuim? Psalm 119:119 sê: **U ruim al die goddelose van die aarde weg soos skuim.** Wat van die goddelose? Wel, die goddelose van die aarde is soos skuim. Jy wil nie die skuim soos die goddelose wees nie. So, wat beteken skuim werklik?

In Hebreeus verwys dit na "mis" onsuiverheid. Die "mis" moet uit ons lewens verwyder word. Mis het te doen om dit waartoe God ons bestem het te verwerp of weier om God te gehoorsaam.

Efesiërs 5:27 sê: **Sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.** So wat moet ons oorwin? Elke vlek of rimpel [kreukel], plooi of iets dergeliks. Lees verder: **heilig en sonder gebrek sou wees.** Dit beteken 'n heilige volk - onberispelik, smetloos.

God sê vir ons Sy volk gaan heilig en sonder gebrek wees, sodat Hy Sy Gees op hulle kan uitstort, dat Hy hulle kan toerus en gebruik om die werk af te handel. Gee die harde roepstem, maak die werk klaar dat Jesus kan kom.

Wat sê God wat moet ons wees? **Uitverkore werktuie** (Handelinge 9:15). Hierdie werktuie moet van buite en binne skoon wees, sodat Hy ons met Sy Heilige Gees kan vul. Ons moet elke dag skoon wees. God het ons bestem om elke dag deur Hom, nie onself nie, oorwinnende lewens te leef. Dan sal die laat reën aan ons gegee word. Dan sal ons **voorwerpe tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk.** - 2 Tim. 2:21.

Wow! Dit is 'n wonderlike uitdaging. Kom ons voeg nog iets by. Jesus sê in Matt. 5:48: **Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.** In Heb. 6:1 sê Paulus **na die volmaaktheid voortgaan.** Is dit wat Paulus regtig bedoel: Na volmaaktheid voortgaan? Ja, gaan voort na volmaaktheid. Nou kom Jakobus ook by en sê: **Sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie** (1:4).

Die Bybelskrywers en Jesus sê presies een en dieselfde ding omtrent hoe Sy volk en hulle lewens moet wees. Jesus sê nie dat wanneer Hy kom Hy dit wat kortkom, sal aanvul nie.

Wanneer ons die woord "volmaak" sien, beteken dit om sonder sonde te lewe, want volmaak in die Bybel beteken volmaak. Om sonder sonde te lewe. O, die plan van verlossing omvat vir my volkome bevryding. Volkome herstel van die krag van die vyand. Die Here wil hê dat ons uit die greep van die duivel moet kom. 1 Johannes 3:8 sê: **Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duivel te verbreek.**

Wat ons dus nou nodig het, is die karakter van Christus. Dit is baie belangrik dat ons Sy karakter moet hê. Ons kan nie maar net aan en aan en voortgaan nie. Ons sondig en vra vergifnis en ons gaan voort en lewe soos die wêreld. Ons praat en ons tree op soos die wêreld en Jesus soek 'n

volk soos Hy. Jesus wil hê ons moet heilig en toegewyd wees. Dank die Here Hy wil!

Ons moet steeds aan soveel meer lapwerk of regstellings aandag gee. In Romeine 6:18 staan: **Vrygemaak van die sonde**. Hoe is dit dan dat ons steeds sonde doen? Daar moet iets wees wat ons nou al vir 'n lang tyd mis. Wat van Kolossense 4:12 waar Paulus sê: **Dat julle volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God**. Dit klink nie of ons deels vir die duiwel en deels vir Jesus lewe as ons volmaak in die wil van Jesus is nie.

Dit is nou die tyd om vir God se seël voor te berei, omdat ons die seël van die lewende God moet hê (vgl. Openb. 7:2). Ons sal die Heilige Gees binne die laat reën belewenis moet hê. As jy nie die seël van God het nie, kan jy nie hemel toe gaan nie.

Die Gees van Profesie sê: "Die seël van God kan nooit op die voorhoof van 'n onsuiver man of vrou geplaas word nie of die voorhoof van 'n ambisieuse, wêreld-liefhebbende man of vrou nie." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 216. Wat beteken 'n ambisieuse wêreld-liefhebbende? Die seël van God kan nie geplaas word op die voorhoof van iemand in die wêreld wat net vir die wins en dinge van hierdie wêreld werk nie. Hulle werk vir roem, vir mag, vir rykdom in hierdie wêreld. Dit is al wat in hulle gedagtes is.

Verder sê die Gees van Profesie: "Dit sal nooit geplaas word op die voorhoof van mans en vrouens met vals tonge en bedrieglike harte nie"- *Testimonies*, vol. 5, p. 216. Dit sal nooit geplaas word op hulle wat bedrieërs, hulle wat leuenaars, hulle wat vals en oneerlik is nie. So laat iemand die tromgeroffel laat hoor.

Vriend, is jy sonder vlek of rimpel of iets dergeliks? Met dit in ons lewens kan God nie vir ons die laat reën belewenis gee nie; ons kan nie die luide wekroep gee nie; ons kan nie deur die klein tyd van benoudheid of die groot tyd van benoudheid, die Sondagwet en al die dinge wat aan die kom is, gaan nie. Dit word aan ons oorgelaat om dit alles deur die genade van God reg te stel. Die gebreke in ons karakters moet ons na Jesus toe neem, aan Hom

toewy om te suiwer, om die sieletempel van elke besoedeling te suiwer. Verstaan dit: Dan sal die laat reën op ons val. Wanneer sonde weg is, sal die laat reën op ons val soos op die dissipels met Pinkster. Ek wil daardie Pinkster belewenis hê. Wat van jou? Maar God belowe 'n groter mate van krag en sterkte en oorwinning in die laaste dae. Hy wil Sy volk seël.

God wil hê ons moet die luide wekroep gee, want die wêreld moet ontwaak omtrent wat in die wêreld gebeur. In *Christ's Object Lessons*, p. 316, staan: "Christus se geregtigheid sal nie 'n enkele gekoesterde sonde bedek nie." Sonder Sy geregtigheid, Sy kleed van geregtigheid, Sy oorwinnings kan ons nie hemel toe gaan nie. Wat is 'n gekoesterde sonde? Dit is daardie sonde wat jy nie wil laat staan nie, wat jy nie aan Hom wil oorgee nie.

Waar begin dit alles? Dit begin wanneer jy jou lewe onvoorwaardelik aan Jesus gee. Heb. 4:7 sê: **Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie.**

*Desire of Ages*, p. 323, maak hierdie verklaring: "Dit is nie slegs deur weerstand nie, maar deur versuim dat die siel vernietig word. Ons is onvoorbereid vir die tyd waarin ons leef. Die duiwel hou ons besig, sodat ons nie kan voorberei nie. Ons moet na, wat ons noem waarheid vir die huidige tyd, terugkeer. Petrus praat daarvan in 2 Petrus 1:12. Hy het gesê: **Daarom sal ek nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie, alhoewel julle dit weet en vasstaan in die waarheid wat by julle is.** Hier is 'n boodskap vir God se volk nou.

In *Early Writings*, p. 71, staan: "Ek het gesien dat baie die voorbereiding wat so nodig is, nalaat en vir watter tye wag ons? Verfrissing en die laat reën."

Ons ken die titel van hierdie boodskap: *Geskik om in die aangesig van 'n heilige God te staan.* So, ons kyk vooruit om in Sy aangesig te lewe. O, hoe baie sal daar in die tyd van benoudheid sonder 'n skuilplek wees! Hulle het geen hulp nie. Hulle het die noodsaaklike voorbereiding nagelaat. Hulle kon nie die verfrissing, die laat reën, kry nie.

Ten einde die laat reën te ontvang moet ons sieletempel gereed wees om die krag van God te ontvang.

Ons moet elke dag die bekeringsbelewenis deur God hê. Ons moet elke dag ons lewe aan Hom toewy.

Ons moet God elke dag vra om ons volkome oorwinning oor die eie-ek en oor sonde te gee. Hierdie kruik moet sonder vlek of smet wees, sodat God my met Sy Gees kan vul. As daar een onbelyde sonde in my lewe is, kan Hy vir my nie die krag van die Heilige Gees gee nie. Is dit nie vreeslik nie? Dit gee ons stof tot nadenke.

Ons moet ooreenkomstig elke ligstraaltjie wat ons het, lewe. Ooreenkomstig elke ligstraaltjie wat God op ons lewenspad laat skyn en dan vir meer smee. Daar is so baie mense wat die waarheid weet en dan weier om dit te doen. Vriend, dit is waarvan ons praat om 'n heilige lewe te leef, sodat ons God se stem kan hoor en daarop reageer.

Wanneer jy werklik bekeer is, sal jy 'n siele wenner vir Jesus wees. Jy is 'n lewende getuie vir Sy eer en Sy karakter. Dit is wonderlik. Dink diep daaroor na!

Wat beteken reën? In die Bybel verteenwoordig reën die Heilige Gees. In Sagaria 10:1 staan: **Bid tot die Here om reën in die tyd van die laat reën.** In Jes. 44:3 lees ons: **Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.**

Wat is die doel van die vroeë reën? Die vroeë reën is noodsaaklik omdat dit wat doen? Die vroeë reën wat op ons kom, maak ons harte sag, soos die grond, en maak ons vir God se Woord ontvanklik. Na die versagting van die grond, die hart, ploeg jy en jy begin die Woord van God in die hart saai. Dan volg die ontkieming van die saad en dit begin uitspruit, dit begin groei. Die doel nou van die laat reën is om die saad ten volle te laat ryp word. Daar kan geen oes sonder die laat reën wees nie.



Markus 4:28 sê: **Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar.** Die Woord van God begin groei, spruit uit en word ryp vir die oes. So word die Heilige Gees gegee om die proses van geestelike groei van een stadium na die volgende te neem.

Die Heilige Gees, die vroeë- en die laat reën, word gegee, sodat ons van een stadium na die volgende kan ontwikkel. Hierdie ontwikkeling is iets wonderliks. Vriend, is jy gereed om met Jesus te groei?

Ons het hier 'n tweevoudige werk. Die Heilige Gees moet die grond voorberei. Wat is die grond? Die mense vir die laaste, groot en finale oes. Wat is die oes? Die oes van siele.

Sommige mense sê die vroeë reën was aan die dissipels en die vroeë kerk gegee. Dit was nie slegs aan die vroeë kerk gegee nie, dit gaan tot aan die einde van tyd voort. Jy moet die vroeë en die laat reën hê, selfs tot baie naby aan die sluit van die genade deur. Wanneer mense Jesus aanvaar, sal die vroeë-reën-belewenis hulle help om oorwinning oor alle sonde te behaal.

Die vroeë reën duur voort deur die hele Christelike ervaring. Gedurende die laaste dae sal die laat reën of tyd van verfrissing, wat ons van God nodig het, uitgestort word. Dit is die Heilige Gees in groot oervloed. Hierdie doop van die Heilige Gees bemagtig God se volk om die luide wekroep te gee.

Ons het nou die geleentheid vir voorbereiding. As ons dit uitstel, sal ons onvoorbereid vir die tyd van benoudheid wees. Ons karakters sal onontwikkel wees en daar sal geen geestelike krag wees nie. Ons sal nie kan vasstaan nie. Ons liefde en ons geloof is nie ontwikkel nie en dit sal nie tot die einde kan deurstaan nie.

O, daar rus 'n swaar verpligting op diegene wat wil hemel toe gaan, wat 'n herehuis wil hê, wat tyd met Jesus in die ewigheid as 'n beloning wil spandeer. As ons werklik wedergebore is, sal ons uitgaan en siele vir Jesus wen, sal ons die wêreld van Sy spoedige wederkoms waarsku.

Terwyl ons gereed maak, soos ons Sy krag ontvang, sal God se karakter aan die wêreld verdedig word. Sy karakter sal bekendgemaak en verheerlik word.

Lees hierdie kragtige woorde in *The Great Controversy*: "Ons Heiland het selfs nie deur 'n enkele gedagte aan die krag van versoeking toegegee nie. Daar was geen sonde in Hom wat Satan tot sy voordeel kon gebruik nie. Dit is die toestand waarin diegene moet verkeer wat in die tyd van benoudheid staande wil bly" (p. 623). Gaan jy in die tyd van benoudheid staande bly? Jy sê ja. Dan sal jy soos Jesus moet wees - dit is die voorwaarde.

"God se volk sal deur vurige beproewings getoets word en die grootste gedeelte wat nou as eg en getrou voorkom, sal as onedel metaal geopenbaar word."- *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 136. Ons praat van die Sondagwet. Mense sê ons het Jesus lief. Ons wil hê Jesus moet kom, maar maak daarvoor geen voorsiening nie. Ons kan dit nie maak nie. Ons gaan deur die beproewings verbrand word, tensy ons 'n belewenis met Jesus gehad het.

*The Great Controversy* sê die volgende: "Wanneer die wet van God nietig verklaar word, sal die Kerk deur vurige beproewings gesif word en 'n groter gedeelte as wat ons nou voorsien, sal op verleidende geeste en leerstellings van duiwels ag slaan" (p. 257). God se volk is veronderstel om die waarheid te ken.

In Hand. 4:33 staan: **En groot genade was oor hulle almal.** Ons het hierdie genade nodig. Ons moet die vroeë- en die laat reën met die voorwaardes hê: Ons moet sonder vlek of kreukel wees, nie 'n vlek, nie 'n klad op ons karakter, in ons lewe voordat ons die laat reën kan aanvaar nie. Daarsonder sal ons dit nie maak nie; ons kan nie deur die tyd van benoudheid gaan nie; ons karakter moet nou gereinig word. Sonder Jesus sal ons in 'n oomblik verteer word. Maar die tyd sal kom wanneer Sy karakter in Sy volk volmaak sal wees. Wel vriend, deur Hom te aanskou, nie langer jou gedagtes nie, nie langer jou gemoed nie, maar die gemoed van Jesus te leef.

Is jy daarvan bewus dat ons moet verander? O, ek is. Dit is 'n sware plig. O, Here, help ons dat ons sonde kan laat staan, sodat ons in die aangesig van 'n heilige God kan leef.

Kenny Shelton: *Behold the Lamb Ministries.*

\*\*\*\*\*

## *BLOEDVERBOND CHRISTENDOM*

### *DIE GETUIE VAN DIE NUWE VERBOND*

(deur dr. Gavin Finley)



### *HET JESUS DIT ALLES GEDOEN?*

**A**s Christene van die Westerse wêreld is ons oor die algemeen in ons geloof vergenoeg. Baie van ons is tevrede met wat aan ons vertel was.

Die hoofsaak van daardie boodskap wat ons ontvang en waarvolgens ons lewe, is dikwels dit: "Jesus het **dit alles gedoen.**"

Hierdie verklaring is ietwat dubbelsinnig en wat volg is dikwels dit: "Hy het dit alles gedoen." » "Daarom is daar geen beroep op my om enigiets in antwoord daarop te doen nie."

Ja, dit is waar dat die bloed van Jesus gestort was. Hier sien ons die losprys van ons verlossing. Dit is die heilige bloed van die vleklose, sondelose Offerlam van God. Die versoeningsbloed van Jesus is die volkome en voltooide offer. Niks kan daaraan toegevoeg word nie. Die versoeningsbloed is die "bruidsprys", die losprys vir ons verlossing. Die "bruidsprys" vir ons verlossing is ten volle deur die Bruidegom betaal. Jesus Christus in Sy **dood, begrafnis en opstanding** het die rekening tussen God en Sy verbondsvolk volkome en ten volle versoen. Jesus het die straf vir sonde ten volle betaal. Daardie straf was Sy dood aan die kruis. So hierdie eerste aangeleentheid van die verbond, die betaling van die losprys van ons verlossing, is afgehandel. Ons groot verlossing is ten volle betaal.

Die kwessie van die prys van ons Verlossing is 'n baie belangrike wetlike en rekenkundige saak. En ja, die hemelse rekening vir die loskoop van ons verlossing is vereffen. Die skuld vir ons sonde is gekanselleer. Die Bruidegom, ons Here Jesus, het die rekening betaal en die bruidsprys is ten volle betaal. Met Sy gestorte bloed het ons Messias volkome voorsiening vir Sy Bruid, die Kerk, gemaak. Dit is die groot verlossing wat die Evangelie bring. Dit is die boodskap van bevryding en verlossing wat ons gehoor het. Dwarsoor die wêreld bring hierdie wonderlike boodskap bevryding aan almal wat wil hoor. En dit is die groot verlossing wat beloof is aan almal wat in geloof gelowig word en in geloof gelowig bly.

*Is ons geloof 'n eensydige kontrak om 'n "vry kaartjie na die hemel" te bekom? Of is dit 'n wedersydse bloedverbond tussen ons en ons Messias, 'n verbintenís tot die dood? Het ons verlossing van "goedkoop genade" net nog 'n voorbeeld van 'n kerk bemarkte*

*“vergunning” geword. Of is dit ‘n bloedverbond waarin ons alles wat ons het en alles wat ons is ter wille van ons Verlosser en Here uitverkoop?*

Dit is hartseer om dit te rapporteer, maar dit is in heeltetal te veel gevalle waar. Ons Westerse “handelskerke” word deur die begeerte om voordeel te trek gedryf. Kerke is in ‘n “prysoorlog” met geestelike mededingers. En so is die spel vir hedendaagse religi-besigheid al te duidelik. Dit is om die Evangelie aan die massas te “verkoop” en teen so ‘n goedkoop as moontlike prys. Sodanig is die weë van Mammon. In ‘n winsgedrewe ekonomie is die spel om die “godsdienstige mark te verower” met as teikengroep die kerkgaande Christene wat middelmatig of “midde-in-die-trop” in hulle toewyding is.

Die gevolge van dit alles is baie duidelik. Die boodskap van die Evangelie het ‘n laagtepunt bereik. Die poging om die Christelike godsdiens soeker vriendelik te maak het gelei tot ‘n louwarm boodskap wat veroorsaak dat dit skaars as die geloof, wat eens aan die heiliges oorgelewer was, herken kan word. Christene van vervloë tye sal dit baie moeilik vind om dit as die ware Christelike geloof te identifiseer. Die boodskap wat ons nou verkondig, is in baie gevalle hoegenaamd nie die Evangelie nie. Dit is ‘n versinsel van ons eie selfsugtige verbeeldings. ‘n Vry kaartjie na die hemel het sommer so uit die hemel geval en ons het dit opgeraap.

Dit is ‘n verskriklike toestand van sake. Ons is ryk en populêr en het aan niks gebrek nie. Ons is propvol godsdiens. En tog ken ons nie die God wat in ons kom woon om ons Sy geregtigheid en Sy genade te bring nie. Ons vyande is oral rondom ons met hulle verdraaiing van die Bybel en ons weet dit nie. Ons gaan voort om steeds dieper in kompromie met die magte van hierdie wêreld ingetrek te word. Al te dikwels is ons geneig om die hoër roeping van ons geloof te ontduik. Ons is soos die spreekwoordelike padda in die bad warm water. Ons geestelike toestand word al hoe tengeriger. Ons is op die punt om gekook te word! En tog, in die Westerse kerk is ons heeltetal onbewus van die gevaarlike toestand waarin ons nou is.

Wat het met ons gebeur? Ons het begin met **die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is** (Judas 1:3). Maar toe is ons deur Mammon verlei. Ons het voortgegaan om die boodskap te herverwerk, te herontwerp en te herverpak. Die Evangelie is nou 'n "produkt" aan die massas te koop. Ten einde dit te verkoop is die boodskap voorberei en verfyn om niemand te na te kom nie. Toe is dit kunsmatig versoet, sodat dit smaaklik en aantreklik vir die gemiddelde, gematigde, vleeslike Christen weergegee kan word. Dit is die **winsgewende** manier om die godsdiens te hanteer om dit 'n "sukses" te maak.

### ***AKTIEWE LIEFDE EN TOEWYDING. ONS ANTWOORD OP DIE LIEFDE VAN DIE BRUIDEGOM***

*Ja*, ons het 'n groot verlossing. Die prys van ons verlossing was betaal. Dit was ten volle gedurende die Lydensweek twee millenniums gelede betaal. Ons weet ook dat ons nie hierdie vrye gawe van verlossing kan verdien nie. Ons verbly ons vir die strome van God se genade en met reg. Jesus het op Gólgota vir ons sondes gesterf. Hy het op ons Sy genade uitgestort, Sy "onverdiende guns." Ons is uit die verknorsing gered. Dit is 'n wonderlike begenadiging. Maar is daar meer aan die verbond as wat ons vertel was? Is hierdie ontcoming aan die ewige straf al wat God se genade sal doen? Of is daar meer?

Die apostel Paulus versoek ons dringend in Filippense 2:12: **Werk julle eie heil uit met vrees en bewing**. En nee, ons praat nie hier omtrent verlossing wat ons deur ons eie menslike pogings moet verkry nie. Paulus verdedig nie 'n "werke" evangelie nie. Dit weet ons verseker, want in die volgende vers gaan hy voort en sê: **Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae** (v. 13).

Dit is aktiewe, pro-aktiewe, genade wat binne-in die innerlike mens werk. Die Nuwe Verbond is 'n bloedverbond en ja dit behels 'n reagerende optrede aan die kant van die Bruid. Maar die lewenskrag kom nie van onself nie. Dit kom van die in staatstellende teenwoordigheid van die inwonende Christus. Hy het ons Sy Heilige Gees gegee en Hy wil hê ons moet tot oorloeps van

Hom vervul wees. Die verbond sluit **ons** in. Maar daar is 'n noodsaaklike vereiste. Ons word geroep om ons selfbestaan oor te gee. Ons Messias verlang om in al die kamers van ons siel toegelaat te word. Die Nuwe Verbond is 'n wedersydse toewyding wat twee partye behels. Die Christelike geloof is uiteindelik 'n voortsetting en 'n ontvouing van die Abraham Verbond. Dit is 'n wedersydse ooreenkoms tussen God en Sy verbondsvolk, die geestelike kinders van Abraham, Isak en Jakob.

So die Nuwe Verbond is 'n wedersydse bloedverbond toewyding tot die dood. Dit **moet** deur albei partye onderteken word. Het ons leraars en onderwysers ons voldoende omtrent hierdie dinge ingelig?

Baie van ons in die Weste het met die Christendom die gek geskeer. Ons Bybel is 'n geslote boek. Baie van ons het "kerk gespeel." 'n Godsdienstige mengelmoes is voor ons in die godsdienstige basaar oopgesprei en ons kies en keur waarvan ons hou.

Dit is hartseer om dit mee te deel. Die meeste van ons in die Weste was eenvoudig nie ingelig nie. Ons weet nie dat ons Christelike geloof in werklikheid 'n bloedverbond is nie. 'n Paar, wat hulself Christene noem, het selfs Christus in hulle lewens ingenooi. Hulle "ken Hom" nie in enige werklike en persoonlike wyse nie. Ons het nog nie Sy innerlike werking binne-in ons ervaar nie. So dryf ons saam in die selfaanbidding strome van die lewe soos wat ons vandag in die Weste uitgestal sien. Selfs as Christene opereer ons steeds in ons eie krag en onder humanistiese leiding. Dit werk egter nie so goed nie. Ons het steeds 'n gebrek aan doel en betekenis in ons lewens. So koop ons al die "selfhelp" en "menslike potensiaal" en "positiewe denke" en "doelstelling" boeke in die Christelike boekwinkels om te help om ons lewe betekenis en 'n "doel" te gee.

Vir so baie in die Westerse handelaarskerk word ons basiese, liggaamlike behoeftes bevredig, maar ons ywer in geestelike sake is net nie daar nie. Ons is geneig om in 'n passiewe "voer my iets waarvan ek hou" soort van geloof te dryf. Hierin lê 'n groot, geestelike gevaar. Christene bly babas.

Toegedraai in ons materiële geriewe is ons 'vet en tevrede'. Dit lyk of daar geen behoefte is dat ons dieper in die ewige verbond ingaan nie. **So doen ons dit nie.**

Glukkig dien ons 'n God wat omgee. Hy het Sy verbondsvolk lief en Hy gaan ons uit hierdie geestelike moeras lei.

Hy lê vir ons 'n voetpad uit van:

Stap 1. Verlossing na

Stap 2. Regverdigmaking na

Stap 3. Heiligmaking na

Stap 4. Verheerliking.

Ons Verlosser neem ons van:

Stap 1. "klein kindertjies" as babas wat dit geniet om met die suiwer melk van die Woord deur andere gevoed te word na stap 2. "jongmense" wat in hulle krag in die geloof juig na stap 3. "vaders" wat besorg is oor die welsyn van die hele wêreldwye familie van gelowiges (vgl. 1 Joh. 2:12-14).

Maar die meeste van ons in die Westerse Christendom is passief in ons geloof. Ons is soos kinders. Ons is steeds in stap 1. Hoekom is dit so?

Omdat in nuwe Christene, en ook baie ou Christene, is die selfgesentreerde 'ou mens' steeds die sterkman in ons lewens. Hy wil steeds binne-in ons regeer. Onder die invloed van die wêreld, die vlees en Satan, gee ons steeds die 'ou mens' die kopknik om die baas te wees. En die 'ou mens' sal **voortgaan** om oor die Kerk te regeer totdat die dag kom wanneer ons ons geloof ernstig opneem. Ons word in 'n liefdesverhouding ingetrek en in daardie liefde sal ons op die Bruidegom reageer.

Ons sal van ons gemakbeddens opstaan en die klop aan die deur van ons hart beantwoord. In toewyding sal ons die inwonende Christus in al die kamers van ons geestelike huis innooi.



Ons hou aan om van ons groot verlossing te praat asof dit bloot 'n godsdienstige kooptransaksie was. Ons praat en tree op asof Jesus 'n kaartjie vir ons na die hemel gekoop het en niks verder vir ons het nie. Maar is dit waar? Kan daar meer aan die Verbond wees? Is daar iets meer betrokke hier - iets wat nie vir ons gesê was nie?

Wel, natuurlik is daar verseker meer aan die Nuwe Verbond? Maar wil ons van hierdie dinge weet? Wil ons regtig daardie dieper wandel in die Gees van God hê?

Ongelukkig, vir die meeste van ons, is die antwoord op die oomblik 'nee'. Ons het op die oomblik heeltemal genoeg 'godsdienste'. Baie dankie.

Natuurlik is dit 'n onbevredigende toestand van sake. En dit kan baie duidelik nie vir ewig so voortduur nie. En dit sal nie!

*Die Westerse Kerk is aan haar wederkoms Messias verloof. Sy is in 'n bloedverbond verhouding met haar Bruidegom. Maar soos Gomer het sy uit in die wêreld gegaan om daar haar bekleding te vind. Sy het haar Bruidegom vergeet en is vreemd genoeg van haar heilige roeping onbewus. Sy sluimer in 'n beswyming van sielsiek-babelse en vleeslike, selfsugtige fantasieë. Sy is aan die slaap. Sy dryf in die rivier af..... Wie sal haar wakkermaak?*

### *DIE WESTERSE KERK SLUIMER*



**H**ierdie ledigheid is 'n baie vreemde gedrag vir die Kerk. Sy is die toekomstige Bruid. Weet sy wat dit beteken? In die verhouding met haar Bruidegom is sy baie bevoorreg. Sy is spesiaal geroep om 'n getuienis vir die Bruidegom in hierdie wêreld te wees. Sy is tot 'n glorieryke en heerlike bestemming uitverkies. 'n Heilige stad met twaalf poorte wag op haar, selfs die Nuwe Jerusalem.

Dit lyk of ons ons heerlike roeping vergeet het. Ons is van ons luisterryke en grootse toekoms onbewus. Ons het as Christen-gelowiges traag geword. Ons het die neiging om in 'n sekere sussende, godsdienstige sluimering weg te raak.

Kom ons keer na die beeld van die huweliksverbond terug. Wat van die reaksie van die aanstaande Bruid op die koms van haar Bruidegom? Hierdie bruidsreaksie is deel van die verbondsverhaal, is dit nie? Word die Nuwe Verbond slegs deur 'n enkele party uitgebeeld? Is die Nuwe Verbond slegs 'n eenrigtingstraat?

Wel, die antwoord op daardie vraag is, "Beslis Nie!" In 'n bloedverbond is daar **altyd twee partye** betrokke.

Hier is 'n volgende vraag wat wag op 'n antwoord? Hoekom is die Bruid van Christus in die Weste steeds aan die slaap? Hoekom is "Sleeping Beauty" nie wakker en berei haarself voor net soos die vyf verstandige maagde gedoen het nie? Hoekom gee sy nie aandag aan haar bruidsverantwoordelikhede in die Verbond nie? Dit is iets wat alle goeie bruide vanselfsprekend doen, is dit nie? Hoekom dan, is die Bruid van Christus bedwelm gemaak in 'n jammerlike, geestelike passiwiteit wat in die kerkbanke wegkwyn? Hoekom laat sy toe dat sy gehipnotiseer word, weggeskuif in die laer rangorde van 'n godsdienstige rangorde en aangesê "shhhh", "blystil" en "gaan slaap nog"? Die Kerk het vyfhonderd jaar gelede uit die donker eeue te voorskyn gekom, maar sy is steeds gemaklik in haar glaskas van getinte glas in kristal. En die giftige appel van vals,

mensgemaakte godsdiens is steeds in haar mond. Hoekom het sy tot dusver so min reaksie op die Verbond getoon?

*Ons Christelike geloof is net soos 'n troue. Dit is 'n bloedverbond verhouding. Dit is volle toewyding, selfs tot die dood.*

Die hele raadgewing van die Heilige Skrifte lewer getuienis van hierdie feit. Die Ewige Verbond van die God van Israel is 'n bloedverbond verhouding. Dit is 'n toewyding tot die dood in 'n liefdesverbond verorden. Dit is 'n tweerigting ooreenkoms tussen twee partye, naamlik ons Verlosser, die Bruidegom, en Sy Bruid, die volle Gemeente van die God van Israel wat oor die hele aarde uitgesprei is.

Hier is die kern van die saak: Die ware Bruid van Christus het haar Bruidegom lief! Sy weet dat dit haar lewe mag kos om op die stippellyn onder die van haar Bruidegom te teken, maar Sy teken haar lewe in elk geval af. Sy is 'n Bruid! Sy is bereid om van haar liefde vir haar Verloofde te getuig, kom wat wil!

Ons terugkerende Messias het 'n glorieryke en heerlike plan vir Sy heiliges. Daar wag 'n pragtige en onbeskryflike bestemming op haar!

So, terwyl die Kerk na die uiteindelijke Bruilofsfees van die Lam kom, moet sy nie slegs 'n slavin bly nie. En sy is verseker nie slegs 'n gekoopte bywyf nie. Vorentoe, in 'n hoogtepunt huwelikeremonie met die terugkerende Koning, wandel die ware Bruid in skoonheid en prag en in bekoorlikheid. Sy het haar Geliefde lief en is honderd persent aan Hom uitverkoop. Sy het haarself aan Hom vir ewig toegewy.

Dit, liewe gelowiges, is waaroor die eindtyd drama alles gaan. Bloedverbond toewyding tot die dood is wat ware Christelikheid asemrowend en wonderlik, wat woorde nie kan beskryf nie, maak. 'n Toekomstige Bruid, God se verbondsvolk, sal die hoofgetuie wees wanneer die Oue van dae sifting hou en die hofsake geopen is. Die ware Kerk, of Gemeente van Israel, sal voor die wêreld van haar liefde vir Jesus Christus getuig. En indien nodig sal sy

haar getuienis lewer wandelende deur bloed en vuur voor mense en engele. Sy sal hierdie wonderbaarlike, onvoorwaardelike agapé liefde wat haar Bruidegom vir haar gegee het, demonstreer. Sy sal aanhou om dit te doen solank as wat sy asem in haar het.

Die verhouding van ware Christene tot Christus is net so diepsinnig en bindend as van enige ware bruid met haar bruidegom. Haar vlak van toewyding in die huweliksverbond is volkome. Dit is absoluut. Dit is nie afhanklik van hoe die toekomstige bruid destyds daaromtrent "gevoel" het nie. Die huweliksverbond is 'n bloedverbond in die ewigheid geskryf. Dit is 'n verhouding van volkome toewyding tot die dood. Die huwelik is deur God ingestel. Dit is 'n weerspieëling van 'n hoër verbond tussen die God van Abraham, Isak en Jakob en Sy hele verbondsvolk.

*Is die Kerk van Jesus Christus 'n ware Bruid? Is sy kardinaal en lewenskragtig betrokke in familie bloedverbond sake? Of is sy slegs 'n gekoopte, maar onbetrokke bywyf?*

Die basiese vraag kom hierop neer: Is die Bruid van Christus slegs 'n "saamgaan", "doen niks" soort van vrou wat rond sit en wag om gehaal te word? Is sy slegs 'n gekoopte besitting wat op vervoer wag? Is sy nie persoonlik by die voorbereidings betrokke nie. Soos 'n soort bywyf?

Hier is 'n volgende vraag: Gebeur dinge maar sommer net met hierdie toekomstige bruid? Gebeur dinge sonder dat sy daarvan weet? Is sy deur die wederkoms van die Messias verras, asof Hy 'n dief in die nag is? Of is dit slegs die ervaring van die goddelose? Is die vrou afwesig van die finale getuienis en die finale, beslissende stryd van hierdie tydperk?

*Kwessies aangaande die eindtyd sien die opkomende skrikbeeld van vrees. Evangeliesgesindes in die Westerse kerk begin paniekerig en bekommerd raak. Die tyd van benoudheid en verdrukking is verkeerdelik as "die wraak van God voorgestel". Dit is hartseer dat Bybelse Christene gedagtes van afvalligheid koester.*

Wel, hier is ons. In die tye vorentoe sal dinge verander. Ons geloof en volharding kan skielik baie dramatiese voor 'n toets te staan kom. Op een of ander tydstep in ons leeftyd kan ons onself skielik in die klimaks van die geskiedenis ingestoot bevind.

Wanneer ons na die eindtyd waarhede soos in die heilige Skrifte uiteengesit is, kyk, kan ons aanvanklik taamlik verskrik raak. Ons mag kla, "Niemand het ons gewaarsku nie!" Ons mag dalk nie verwag om tot hierdie mate uitgedaag te word nie. Sommige mag grom, "Dit is 'n gemene behandeling!" Die skrikbeeld van afvalligheid deur 'n gedeelte van die huidige Kerk is te verskriklik om oor uit te wei. Maar dit is heeltemal moontlik dat baie wat hulself Christene noem God in die tye wat kom, kan verlaat. Moses het hierteen in sy slotrede aan die Kerk in die wildernis gewaarsku. Die Ou Testamentiese profete het gesê dat slegs 'n "oorblyfsel sal terugkeer". Jesus het gesê: **Die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind** (Matt. 7:14). Die apostel Paulus het ons gewaarsku dat **in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word** (1Tim. 4:1).

*'n Bietjie goeie nuus vir die Bruid van Christus terwyl sy die "finale getuënis" oordink. Die Heilige Gees sal met ons wees!*

As Westerse Christen-gelowiges moet ons nie moedeloos of ontmoedig wees nie. Daar is 'n bietjie buitengewone goeie nuus om te vertel. Teenoorgesteld wat aan ons gesê was, God, deur Sy Heilige Gees, **sal** met ons wees! Hy sal ons tot die heel **laaste** dag beskerm. Dit is wanneer ons opdrag, die **Groot Opdrag**, tot 'n einde kom. Daar sal inderdaad 'n Eindtyd Herlewing wees. Dit sal 'n blye en onverwagte ding wees. Ons sal in 'n nuwer en dieper verhouding met God ingetrek word. Hy is God Almagtig, die God wat was, is en verewig sal wees. Sy goeie nuus is volkome toewyding en liefdevolle goedertierenheid. Die profeet Hosea het gesê dat God en Sy volk, Sy heilige stad, met 'n Eggenoot en Sy Bruid vergelyk kan word.

Moses het gesê dat God Sy uitverkore oorblyfsel sal "uit roep," selfs 'n **koninkryk van priesters en 'n heilige nasie** (Exodus 19:6). Die apostel

Petrus het dieselfde ding gesê! **Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.** – 1 Pet. 2:9.

God sal Sy ware oorblyfsel uitverkorenes die hof maak. Hy sal hulle uit die huidige Kerk en uit huidige geestelike Israel trek. Sy ware Bruid sal tot eenheid en herstel as 'n glorieryke oorblyfsel in die smeltkroes van die eindtyd kom (vgl. Miga 2:12-13). Dit sal nie 'n eenheid wees wat deur 'n kerkstaat of kerk-mammon konkelaar tot stand gebring is nie. Hierdie vrede en eenheid sal in die suiwing van die goud smeltkroes van die eindtyd wees. 'n Nuwe bloedverbond toewyding aan Jesus sal as goud voortvloei. Dit sal die heerlijkheid van die eindtyd wees, net soos suiwer goud van die smeltkroes vlei. Die Messias, as die Suiweraar, sal die Leidsman en Voleinder van ons geloof wees. Hy sal hierdie vreemde werk in die drama van die eindtyd doen. Jesus sal in die harte van Sy volk werk en deur hierdie innerlike werking van die Nuwe Verbond sal Hy die hereniging en herstel van die hele geestelike Israel teweegbring.

Die Kerk kan eenvoudig nie in die eindtyd afwesig of passief wees nie. Sy kan nie nou die verhouding met haar Bruidegom verbreek nie. Sy moet in die bruidsverrigtinge teenwoordig wees. Sy is die sleutelgetuie en sleutelspeler in die ontvouing van daardie hoogtepunt toekomstige tyd.

So hier sien ons die Bruid van Christus. Daar staan sy voor die aanskouende wêreld. Wat sal sy doen? Sal sy probeer om aan haar heerlike bestemming te ontsnap? Of sal sy bly? Sal sy van haar liefde vir haar Geliefde getuig? Sal sy op die stippellyn langs die handtekening van haar Geliefde teken? En sal sy die toewyding, wat sy in woord en daad gedoen het, voortsit?

Ons ken die antwoord. Die Skrifte is duidelik. Die ware Bruid van die Lam sal in heerlijkheid gesien word en die Bruid sal verseker haar getuienis lewer (vgl. Dan. 12) en wanneer alles in aanmerking geneem is, sal 'n groot en glansryke groep heiliges van alle rasse, volkere en tale voor die troon van

God vergader (vgl. Openb. 7, Openb. 20). Wat 'n roemryke getuienis sal sy bring! En wat 'n beeld van prag sal die aanskouende wêreld sien!

*Die Bruid van Christus sluit die verbond in die eindtyd en so word sy die uitverkore vrou wat Johannes in Openbaring 12 gesien het.*

Ons sien die uitverkore vrou dwarsdeur die Skrifte.

'n Wonderlike beeld van haar word in *Hooglied van Salomo* gesien.

Ons sien 'n oorwinnaar na haar oomblik van oorwinning kom.

Die dogters van Jerusalem is verwonderd.

In verwondering vra hulle:

Wie is dit was soos die daeraad verskyn,

So pragtig soos die maan,

So helder soos die son,

So indrukwekkend

Soos 'n afdeling vaandeldraers. - *Hooglied 6:10*.

Ons Christen God is ons Verlosser.

Hy het Sy liggaam en Sy bloed vir ons gegee.

Hy is ons vurigste ywer en toewyding waardig.

Hy het uit die hemel en in ons wêreldstelsel gekom.

Ons het Hom in die vlees as Jesus Christus gesien.

Hy is die Offerlam, die Heilige Een van Israel.

Die profete van Israel het Hom as die Lig aan die Heidene gesien (vgl.

Jesaja 42:6; 49:6; 60:3).

Wat kan ons omtrent ons God sê? Hy is die Oue van dae, die soewereine Heerser wat oor die hele geskiedenis toesig hou. Is Hy nie die Outeur van alle drama, selfs die eindtyd drama nie? Het Hy nie die "Toneelstuk" waarin ons ons nou bevind en 'n rol het, geskryf nie? En het Hy nie die Boek oor liefdesverhoudings geskryf wat almal òf moet volg òf moet verdraai, geskryf nie?

Terwyl ons in die finale handeling van hierdie laaste dae kom, is dit nodig om onself 'n paar ernstige vrae te vra: God het nog altyd vir 'n getuienis

onder die mense gevra vir die groot dinge wat Hy in Sy verbond gedoen het. Behoort ons nie te verwag dat ons God sal voortgaan om dit te doen nie? Behoort ons nie te verwag dat Hy aan Sy Goddelike karakter getrou sal bly nie? Is dit nie die Jesus Christus wat ons in die heilige Skrifte uitgebeeld sien nie?

### *Hy is dieselfde gister, vandag en vir ewig*

Ons Here Jesus is 'n minsame Bruidegom, is Hy nie? Dat dit so is, sou dit dan nie te wagte wees dat die Vader vir 'n getuienis sal vra nie? En sou Hy nie die Bruid 'n geleentheid gee om haar sê in die saak te sê nie?

Kom ons dink aan die Bruid vir 'n oomblik. Die Bruid gaan haar Bruidegom al hoe liewer hê soos ons aan die vooraand van die Goddelike Romanse en die Eindtyd Herlewing kom. Hoe sou sy verwag om hieroor te voel? Sou 'n ware bruid nie 'n geleentheid koester om haar getuienis voor die vergaderdes te lewer nie, self voor 'n wolk van getuies? Sou 'n **ware bruid** nie in werklikheid met groot passie begeer om van haar liefde vir haar Geliefde te getuig nie? Sou haar getuienis en haar bruidsgetuienis haar nie van 'n gekoopte bywyf onderskei nie?

Grootse gebeure gaan in die tye om te kom begin ontvou. Die finale drama sal uitgebeeld word en die vrou van Openbaring 12 sal in al haar prag ontsluit word. Sy sal bekendgestel word wie sy werklik is. Die Bruid van Christus is 'n geselskap van heiliges wat vir 'n heilige stad, wat glorieryker is as wat ons ons tans voorstel, bestem is (vgl. Openb. 21).

*Die eindtyd drama is 'n storie van twee vrouens. Een is die vrou van verwondering in Openbaring 12. Die ander een is die onsedelike vrou in Openbaring 17 en 18.*

Terwyl die eindtyd drama ontvou, sal dit duidelik gesien word dat dit 'n verhaal van twee vrouens is. Een van hulle is opreg en getrou. Die ander een is nie. Selfs te midde van haar beproewinge is die egte Bruid kosbaarder as robyne. Sy is heeltemal anders as die ander vrou, die



onsedelike. Johannes het die onsedelike vrou op 'n dier met tien horings gesien ry (Openb. 17). Daarna het hy haar deur vuur vernietig gesien (Openb. 18).

*Ons bloedverbond toewyding aan Christus is eksklusief. Ons toewyding aan ons terugkerende Bruidegom is volkome.*

Liewe broeders en susters, indien ons aan God getrou is, dan sal ons toewyding aan Hom ook volkome en onvoorwaardelik wees. As Christen gelowiges is ons almal ledemate van die Liggaam van Christus. Ons is vrygekoop. Ons is deur die gestorte bloed van die Seun van God gekoop. Ons Bruidegom het tweeduisend jaar gelede na hierdie aarde toe gekom. Hy het die bruidsprys gedra, die gawe van ons verlossing. Nou is ons verlos! Ons is in 'n nuwe lewe in Hom wedergebore. Ons is Sy getuies! Hemel en aarde sal op ons let soos hierdie tydperk tot sy vasgestelde klimaks kom.

So hoe reageer ons hierop? Glip ons maar net die Nuwe Verbond in ons sak en vergeet daarvan? Gaan ons voort om dit slegs as 'n "kaartjie hemel toe" te beskou? Is hierdie groot verlossing bloot 'n moderne weergawe van die "aflaatgeld" wat aan die skares deur die louwarm laaste-dae Laodicéense kerk verkoop word? Sê ons vir ons Verlosser "baie dankie", draai die rug op Hom en gaan terug na die wêreld om met ons eie sake voort te gaan? Is dit al wat ons verlossingsverbond met Christus behels? Is ons verhouding met die Bruidegom slegs 'n eenrigting straat met Hom wat Sy lewe en bloed vir ons gegee het?

Mag God dit verhoed dat ons daardie laegraadse geestelike "transaksie" aanvaar. Ons het 'n baie hoër roeping en glorieryker en heerliker bestemming as dit. Ons is in 'n wonderlike **Ewige Verbond** met die Ewige God binne genooi. Ons kaartjie na die hemel is wonderlik, maar dit is slegs die begin van ons groot verlossing. Dit het ons Verlosser en Heiland Sy lewensbloed gekos. Hy het die bruidsprys vir ons betaal! Ons het verlossing danksy God se liefde verkry. Hy het ons opgesoek toe ons nog sondaars was. Moet ons nie hiervoor vir Hom getuienis lewer nie?

Ons God is 'n genadige God. En ja, dit is waar dat die bruidsprys ten volle betaal is. Die rekening is deur die Bruidegom, ons Verlosser, betaal. Sy bloed het ons verlossing volkome en volledig aan die kruis op Gólgota betaal. Ons kan niks by daardie bloed van verlossing byvoeg nie. Al ons menslike pogings daartoe is noodlottig gebrekkig en heeltemal nutteloos. Die bloed wat Hy vir ons gestort het, is heilig. In die koop van hierdie groot verlossing kon ons Verlosser geen hulp van sondige mense kry nie. Al ons pogings om onself vir God aanvaarbaar te maak op ons eie dooie werke gebaseer, is tevergeefs. Soos die Skrifte verklaar:

**Al ons geregtighede is soos 'n besoedelde kleed.** - Jes. 64:6.

**Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid [karakter] van God.** - Rom. 3:23.

**Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na Sy barmhartigheid het Hy ons gered.....** - Titus 3:5.

Die Heilige Skrifte profeteer dat ons Bruidegom met Sy verheerlikte Bruid aan tafel sal sit. Sy is in die prentjie, sy is op hoogte van sake en sy het aan haar Bruidegom gehoor gegee. Sy is, in werklikheid, 'n Bruid wat haarself gereed gemaak het (vgl. Openb. 19:7).

Sy sal in rein en blink fyn linne geklee wees, selfs met die regverdige dade van die heiliges (vgl. Openb. 19:8).

Sy sal met heerlikheid skitter, selfs met goud in die vuur gelouter (vgl. Sag. 13:9; Openb. 3:18).

*Bloedverbond Christendom is in die eerste plek 'n saak van die hart. Dit reageer met aksie wat die eindtyd getuienis ten volle omhels.*

As Christen-gelowiges is ons in hierdie Ewige Verbond nie passief nie. Deur die Heilige Gees is ons met nuwe moed besiel. Die lewe van Christus is binne-in ons in beweging, maak ons die hof, trek ons voorwaarts na die

poorte van heerlikheid. En ons word wakker soos uit 'n droom. Ons mag eens verlore gewees en met die stroom weggedryf het soos Gomer (in *Hooglied*), maar nou, in Christus, het dinge verander. In Sy teenwoordigheid gaan ons 'n blye en onverwagte ding binne. O ja, ons weet dat as Christen-gelowiges, wat aan die einde van tyd kom, is ons lewens in gevaar. Maar wonder van wonders vind ons dat ons nou opgewonder is as ooit vantevore. In 'n Goddelike openbaring word ons bewus van dinge wat rondom ons gebeur wat opwindend en onverwags is. Ons het 'n bloedverbond gesluit. Dit is dieselfde Ewige Verbond wat Abraham geken het en in daardie bloedverbond ontdek ons dat ons ver van passief is. En soos die laaste dae naderkom, het ons 'n lewensbelangrike en noodsaaklike rol om te speel. Daar word om ons getuienis gevra en nou word ons na die verhoog van die geskiedenis geroep.

***Geteken ! Geseël ! Oorhandig !***

*Die verbond kan nie ten uitvoer gebring word totdat dit deur getuies onderteken is nie. Dit moet deur God se verbondsvolk geteken en geseël wees. Dit is nodig voordat dit oorhandig kan word.*

Is daar iets wat gesien moet word voordat die Bruidegom saam met Sy Bruid kan weggaan? Wel, in die bruilof seremonie weet ons wat dit is. Die Bruid teken die verbond voor getuies. Jesus sê vir ons baie duidelik wat voor Sy wederkoms moet gebeur. Hier is Sy presiese woorde: **En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.** - Matt. 24:14.

Bogenoemde Skrifgedeelte blyk 'n sleutel te wees soos dit op die eindtyd van toepassing is. Dit blyk dat die werk om aan die nasies te getuig suksesvol afgehandel moet wees voor die einde kom, slegs dan sal ons die wederkoms van Christus sien.

So presies wie het God in gedagte om hierdie heldhaftige **finale getuienis** te verkondig? Wie sal hulle getuienis voor konings en heersers en voor al

die nasies tot aan die tyd van die einde verkondig? Wel, dit lyk of God se verbondsvolk [Sy Kerk] betrokke gaan wees. Sy uitverkorenes sal die Evangelie tot aan die eindes van die aarde versprei. Deur 'n weg van genade sal God se uitverkorenes Goddelik in staat gestel word om hulle getuienis aan Jesus te bring. Bemagtiging om te getuig sal deur die innerlike werking van die Heilige Gees wees. Christus is die Hoof van Sy Kerk. Sy volk is Sy liggaam. Ons sal in lewenskragtige verbintenis met Hom lewe. Voor die einde van tyd is die Liggaam van Christus bestem om die finale getuienis te verkondig. Dan kom die wederkoms van Messias en die groot finale van die heilige geskiedenis.

Die Bruid van Christus, selfs in 'n tyd van groot geswoeg en gesukkel, is voorbestem om skitterend wit te wees, selfs die geregtigheid van die heiliges. Sy sal die **goud in vuur gelouter**, koop en in die heerlikheid van haar Vader geklee wees. Haar gedeeltelike blindheid sal genees wees en sy sal vir die eerste keer helder en duidelik sien. En in die krag van hierdie heroïese en hoogtepunt uitstorting van die Heilige Gees sal die Bruid van Christus in die Eindtyd Herlewing kom wat Joël gesien het (vgl. Joël 2:28-32). Dit alles sal deur 'n aanskouende wêreld gesien word.

*Die nuwe verbond is 'n bloedverbond. Dit is die vervulling van Abraham se Verbond.*

Die Nuwe Verbond wat ons met Christus het, het lank gelede reeds begin. Dit is 'n bloedverbond. Ons Here Jesus is die Offerlam wat van die grondlegging van die wêreld geslag is (vgl. Openb. 13:8). Die offer van Jesus Christus op Gólgota as ons Paaslam het die vervulling van Abraham se Verbond begin. Ons Evangelie het uit presies dieselfde bloedverbond met die God van Israel, vierduisend jaar gelede gesluit, gekom. Ons geestelike vader, Abraham, was as 'n **getuie** teenwoordig toe daardie ewigdurende en Ewige Verbond met die God van Israel gesluit was. Die Skrifte getuig daarvan dat hy teenwoordig was (vgl. Gen. 15). Maar het hy dit in sy eie krag volbring? Nee, hy het nie. Abraham se verbondsvennoot, God, het deur die bloed van die verbond vir Homself en

vir Sy vennoot, Abraham, geloop. Daar was een ry voetspore in die bloed. Abraham was oor 'n drumpel gedra.

Dit is 'n pragtige verhaal. God het Abraham buitentoe geneem en hom die sterre gewys. Hy het Abraham gevra of hy hulle kon tel. Toe het Hy aan Abraham verklaar:

**So sal jou nageslag wees.** - Gen. 15:5.

Broeders en susters in Christus, hier is iets wat julle moet beseef: **Ons** in die Kerk, is saam met die terugkerende Jesus, is daardie ontelbare geselskap van heiliges!

God het Abraham gerespekteer en geëer. Hy is ons geestelike vader (vgl. Gal. 3:29). Abraham was 'n getuie tot daardie verbond lank gelede aan die begin. Abraham het 'n verbond met YHWH, wie se naam beteken 'die God wat was, is en vir ewig sal wees' gesluit. Toe hy hierdie tweerigting bloedverbond gesluit het, het die romantiese verhaal van die Christen-volk waarlik begin.

Natuurlik was Abraham vol ontsag en oorweldig daardeur. In Genesis 15 het God teen sonder na Abram as Sy verbondsvennoot gekom. God het aan hom Sy Gees gegee en 'n deel van Sy Naam. Die 'h' in die asem van God het Abram in Abraham verander en om die ruiling van die verbond te voltooi, het YHWH die "God van Abraham" geword. Diere is middeldeur gesny toe die oorspronklike verbond "gesny" was (vgl. Gen. 15).

Bloed word altyd in die sluiting van 'n bloedverbond gestort. Dit strek verder as "keuse". Waarna ons hier kyk, is volkome toewyding. Hoe kan ons aandring dat ons tieners in 'n verantwoordelike toewyding moet inkom as ons ons geloof afwater? Ongelukkig skiet die "Christenskap" wat ons in die Weste het in die toewydingsdepartement ver te kort. So veel so dat Christene weier om ware bloedverbond Christenskap te omhels.

Abraham was God se verbondsvennoot. So is ons ook. Dit is deur geloof in Christus, wat die "Saad van Abraham" is dat ons deel word van die familie

van Abraham, Isak en Jakob. Dit gebeur wanneer ons tot God wil roep om ons te verlos. Ons verlossing kom deur die gestorte bloed van Christus. Christus is die beloofde Offerlam, die Saad van die Hemel en die Saad van Abraham. Wanneer ons wedergebore is, ontvang ons Hom in ons harte en in ons lewens in. Die inwonende Christus in elke ware gelowige is die Saad van Abraham. Hy is die Saad wat in ons die nuwe identiteit in Christus voortbring en ons word "nuwe skepsele".

Is ons identiteit in die Saad van Abraham slegs 'n godsdienstige saak? Met die ontvouing van die eindtyd drama, sal ons ontdek dat die Nuwe Verbond meer as dit is. Albei die ampte van Melgisédek, die politieke en die godsdienstige gesagte, die koninkryk en die priesterskap, sal deur ons terugkerende Messias gevul word. Hy is priester en koning volgens die orde van Melgisédek (vgl. Ps. 110:4). In 'n verbond met ons Messias, sal ons van **albei** salwings getuig.

*God se volk is nie slegs passiewe ontvangers nie. 'n Ware Bruid is lewenskragtig betrokke as getuie van die verbond wat sy met die Bruidegom gesluit het.*

So as Christen-gelowiges is ons nie passief in die verbond nie. Ons is Sy getuies. Ons Christelike getuienis van die Goeie Nuus is **ons** deel van die verbond. Hierdie reaksie wat ons op die inwonende Christus het, kom deur 'n bediening van Sy Goddelike genade. Dit is nie 'n saak van ons "werke" nie. Ons getuienis van Sy groot verlossing vloei uit die seëninge van die verbond. Ons krag om te getuig kom soos ons ons harte vir Hom oopmaak. En ons getuienis is 'n reaksie wat Hy in ons deur die Heilige Gees voortbring. Dit is 'n antwoord op Sy bearbeiding. Dit is 'n reaksie op Sy liefde.

*Die Bruidsprys: En ons reaksie*

Die bruidsprys, die prys van ons verlossing, was enorm. God Homself het mens geword, ons sonde gedra en vir ons verlossing betaal. Hy stuur Sy Heilige Gees om ons van binne na die karakter van Jesus te heilig. Hy

bemagtig ons om Sy wonderlike werk te doen. Ons voorregte en verantwoordelikhede is nog lank nie verby nie (vgl. Matt. 28:18-20). Ons sal ook verantwoordelikhede in die duisendjarige Koninkryk wat kom, hê (vgl. 1 Kor. 6:2-3; Openb. 20:4-6). Dit sal in die nuwe hemele en die nuwe aarde voortgaan.

Is ons bewus van die heerlike bestemming wat God vir ons beplan het? Ons sal buite hierdie huidige aardse standplaas in realms van onbeskryflike prag en glans ingaan (vgl. Openb. 21).

*Die Westerse kerk is op hierdie tydstip die onwillige en half-aandie slaap bruid van Christus.*

Hoekom al hierdie onwilligheid om die Nuwe Verbond as bruidsgetuie langs die handtekening van ons Bruidegom te mede-onderteken? Is die Westerse kerk 'n weggeloopte bruid? Wanneer ons Nagmaal vier, sit ons nie aan by die nagmaalstafel en drink Sy beker en verloop ons ten volle aan Hom nie? Eet ons nie saam met Hom, net soos Dawid, "in die aangesig teenoor my teëstanders" nie (vgl. Psalm 23). Hoekom al hierdie waas van vergeetagtigheid in die ryk Westerse kerke vandag aangaande wat die beker van Christus regtig beteken? Hoekom al hierdie onbehaaglikheid?



Hier is ons, weer eens by die riviere van Babel uitgekamp.

En ons harpe hang aan die wilgers soos lank gelede.

Ons onthou, en ons verlang na, 'n Heilige Stad, nog onsigbaar.

Sal ons ooit die stad sien?

Sal ons deur sy poorte ingaan?

Sal ons die droombeeld skitterend sien?

O ja, ons sal uiteindelik arriveer;

Wat 'n dag sal dit nie wees nie!

**Wanneer die losgekooptes van die Here sal teruggaan**

**En na Sion kom met gejubel**

**En ewige vreugde sal op hulle hoof wees. - Jes. 35:10.**

Ons is losgekoop, losgekoop, teruggebring, teen 'n ontsaglike prys losgekoop (vgl. 1 Kor. 6:20). Wat is ons reaksie op hierdie groot verlossing? Werk en speel ons net, kyk na die sport en die sepies op die TV, gesels met ons makelaar, woon kerk by en sit en wag vir die wegraping? Is die bruid van Christus passief in die verbond? Is ons, as die Bruid van Christus, net sommer "gekoopte goedere" wat wag op verskeping na 'n eksklusiewe stuk eiendom in die Nuwe Jerusalem?

Nie eintlik nie!

*Het die kerk in verbondenheid met God getree?*

*Het sy geleer om op Sy liefde te reageer?*

As die toekomstige bruid nie voortgaan om in liefde op die huweliksaanbod te reageer deur haarself volkome aan Hom alleen toe te wy nie, wie is sy dan? Sy bly slegs 'n **voorwerp** van God se liefde. Sy is slegs 'n jong vrou wat nog nie tot karakter volwassenheid gekom het nie. Sy het nie voortgegaan om 'n reageerder op die liefde te wees nie. Sy **KEN HOM** nie! Indien daar geen daaropvolgende liefdesverhouding verder as die kooporeenkoms is nie, dan gaan sy bloot as 'n roerende besitting voort;



Sy is "gekoopte goedere."  
 Sy bly passief in die verbond.  
 Sy doen niks nie.  
 Sy weet nie wat gaande is nie.  
*Die Geliefde is die Goddelike Besoeker*  
*Hy klop aan die deur van ons harte*  
*Hy wil in ons lewens inkom en met ons praat.*



### *Hoe sal ons reageer?*

In *Die Hooglied van Salomo* het die Sulamitiese 'n tweede ontstellende droom gehad. In hierdie droom het haar Sielsbeminde aan die deur geklop. Maar sy was te in beslag geneem deur haar eie gemak om te reageer. Sy het nie opgestaan om vir Hom oop te maak nie. Hy het verdwyn. Soos die storie ontvou, het sy uiteindelik haar kamer van gemak en gerief verlaat om na Hom te soek. Sy het in beproewinge en swaarkry beland. Sy is deur die wagte van die stad geslaan en gewond. Hulle het haar mantel afgeneem. Te midde van dit alles het sy nie opgehou om haar beminde te soek en van haar afwesige Herder-beminde te getuig nie (vgl. *Hooglied* 5:2-8). Hoekom het die wagte haar geslaan? In haar selfbehepte toestand het die Sulamitiese haar eer in die oë van die wêreld verloor.

Die Westerse kerk is vandag in dieselfde situasie. Sy is gemaklik. Sy weet haar Verloofde "is iewers daar buite." In die tussentyd is sy met haar eie gedagtes besig, betrokke in 'n vrugtelose selfliefde. Tog vind sy nooit geluk en tevredenheid nie. Hoekom is dit so?

Die antwoord is eenvoudig. Ware geluk is te vinde in die einste toewyding wat sy en haar sielkundige vriende so ywerig vermy het. Sy is die bruid van Christus. Haar ware respek en aansien is slegs in **Hom** te vinde!

*Ons voorbereiding in die gees. Vind die olie vir die komende nag*

Neem ons ons persoonlike geloof ernstig op?  
 Onthou ons die Groot Opdrag?  
 Soek ons die volheid van die Heilige Gees?  
 Of is ons tevrede met die najaging van ons eie geluk?



Liewe gelowiges, hierdie toestand van sake kan nie langer aanhou nie. Die geskiedenis sal tot 'n klimaks kom. En of jy daarvan hou of nie, ons is reg in die middel daarvan.

*Die oproep tot 'n bloedverbond toewyding met Jesus Christus*

Ons verhouding met Jesus Christus is 'n bloedverbond verhouding. Ons het dit vermy en 'n wavrag van goedkoop namaaksels in die plek daarvan aanvaar. In die gevolglike vakuum soek ons die dieper doel in ons lewens in baie ander plaasvervangers. Ons soek daardie dieper betekenis van die lewe in al die verkeerde plekke.

Is hierdie wêreld van Mammon al wat daar is? Die Skrifte getuig daarvan dat hierdie huidige tydperk van menslike beheer tot 'n algemene toestand van afvalligheid sal lei. Selfs van God se volk sal 'n verbond met die vals messias sluit (vgl. Joh. 5:43; Dan. 9:27). Dan sal die geskiedenis skeef loop. Dit sal gewelddadig destabiliseer soos die nasies te kere gaan. Slegs die wederkoms van die Messias sal die wêreld van totale verwoesting red (vgl. Matt. 24:22). Op 'n vasgestelde tyd in die toekomst, sal Christus terugkeer om die nasies te oordeel en om Sy Millennium Koninkryk op te rig (vgl. Jes. 40). Sal Hy deur die heersers van hierdie wêreld verwelkom word? Volstrek nie. Koning Dawid het 'n Psalm omtrent die sameswering van sekulêre humanisme en godsdienstige humanisme 'n volle drieduisend jaar gelede geskryf (vgl. Psalm 2).

Wat daarvan as ons Bevryder later kom as wat aan ons vertel was?

Wat daarvan as die toekomstige kerkgeskiedenis, soos die eerste drie eeue, om ons getuienis vir die Koninkryk van Jesus Christus vra? Watter vorm sal ons bruidsgetuienis dan aanneem?

Sal druk op ons geplaas word om ons geloof in Hom te kompromitteer? Het ons dit in aanmerking geneem?

Soos die Sulammitiese, is ons reg vir 'n paar belewenisse?

En soos Gomer, sal ons onself bevind waar ons op die Geliefde verlief raak, selfs in die Vallei van Benoudheid? (vgl. *Hosea* 2:15).

### *Bloedverbond Christendom = Agapé liefde van God*

Ware Agapé liefde beteken volkome, uitsluitlike en enigste toewyding.

Ons word tot heiligheid geroep. Soos die Skrifte sê: **Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.** - 1 Kor. 10:21.

Ons God roep ons na Hom toe. Toekomstige heilige geskiedenis sal daarvoor sorg. Ons God roep ons na daardie Goddelike liefdesverhouding waarvan die Sulammitiese in *Hooglied* getuig: **Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm. Die liefde is sterker as die dood, die hartstog magtiger as die doderyk; dit brand en vlam soos vuur [sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here - ou vertaling] - Hooglied 8:6.**

Selfs deur al haar beproewings en benoudhede bly Sy verloofde bruid lojaal en getrou. Soos die Sulammitiese in *Hooglied* het sy die verleiding van die "man van die wêreld" (Koning Salomo) weerstaan. Sy ignoreer die lokmiddels van sy eiendom, sy mag, sy prag en praal en sy pragtige vertoning. Sy is onaangetas deur die groepsdruk van honderde ander vrouens en bywywe, daardie "dogters van Jerusalem", in die harem van koning Salomo. Sy het hulle versoekings verwerp. Hoe? Ter wille van die Een aan wie sy verloof is. Sy kan nie haar afwesige Herder-beminde vergeet nie. Sy het Hom lief. En sy weet Hy sal na haar toe kom.

In die tussentyd selfs te midde van beproewings, soek sy na haar Geliefde. Sy is deur die wagte van die stad geslaan en gewond (vgl. *Hooglied 5:7*). Nogtans, selfs in Sy afwesigheid, en selfs wanneer haar liefde op die proef gestel word, is sy standvastig. Sy is volkome aan Hom toegewy. Dit is die "Goddelike liefdesverhouding." Oplaas, teen die einde van Salomo se Lied, is hulle wat toekyk, verbaas en vra:

Wie is dit wat daar opkom uit die woestyn,  
Wat leun op haar Beminde? - *Hooglied 8:5*.



Die Sulammit aan haar Geliefde

*Dra my soos 'n seëlring op u hart,  
Soos 'n seëlring op u arm;  
Want liefde is sterk soos die dood,  
Die liefdesywer is hard soos die  
doderyk,  
Sy gloed is 'n gloed van vuur,  
'n vlam van die Here.*

*Groot waters kan die liefde nie  
uitblus en riviere dit nie oorstrom  
nie; al gee 'n man ook al die goed van  
sy huis vir die liefde, hulle sou hom  
diep verag (8:6,7).*

God het man en vrou geskape om 'n vrye wil te hê. Hy sal nooit probeer om mense in outomate of robotte te herontwerp nie. En instemming is altyd nodig om in 'n verbond met God te kom. 'n Bruid word altyd gevra om haar huweliksverbond te onderteken. In hierdie seremonie sal sy voor ander getuies verklaar dat sy haar verloofde liefhet. Sy sal met vreugde bevestig dat sy haarself volkome aan Hom toegewy het. Sy getuig voor 'n skare getuies dat sy Hom sal volg, indien nodig tot die dood toe. Soos

Rebekka, in haar aandeel van die verbondsplegtigheid, word sy reguit gevra:

**Wil jy met hierdie man saamgaan?** - Gen. 24:58.

In haar antwoord aan God, die leërskare van engele en aan die mense wat alles gadeslaan, verklaar sy: **JA**

*Liefde en genade is die fontein van die eindtyd getuienis. Hulle vervul en oortref die wetlike vereistes van die wet.*

Liewe gelowiges, hierdie is nie 'n wetsaangeleentheid nie. Ons verlossing is deur ons geloof in Christus verseker. Dit is deur die bloedoffer wat Hy vir ons by die kruis gemaak het, bedek. Maar ons liefdeswandering neem ons verder as die realm van die wet. Nou getuig ons en volvoer die verbond deur Sy Goddelike in staatstellende genade, deur geloof (vgl. Ef. 2:8). Ons word oor 'n drumpel in 'n verrukking van genade gedra en in daardie deurgang gaan ons 'n ander dimensie in God binne.

Ons Christelike geloof vloei heelwat dieper as wat aan ons vertel was. As bloedverbond Christene is ons nie passiewe waarnemers nie. Ons is die liggaam en bruid van Christus. Soos ons aangetoon het, is ons getuienis vir (of daarteen) Jesus Christus onvermydelik. God is nie slegs 'n onpersoonlike "krag" waarmee ons gekkeer nie.

God dobbel nie met Sy heelal nie. Hy is ook nie 'n onverskillige uurwerkmaker wat die toneel verlaat het nie. YHVH - God, die God van Israel, het Homself in hierdie kosmos in Jesus Christus geopenbaar. Ons "duidelike bestemming" is nie gebonde aan hierdie aarde benede nie, maar eerder uitgedruk in 'n bloedverbond getuienis aan **Hom**, die Een wat van Bo na die aarde toe gekom het! Hy is die Alfa en die Omega, die begin en die einde van alle dinge. Dit is nie wat ons weet nie, maar WIE ons ken. Hierdie tydperk van die evangelie is die tyd van Sy getuienis. Aan God se verbondsvolk is die Groot Opdrag gegee, 'n soektog en 'n glorieryke en

heerlike bestemming. En hulle sal daar wees wanneer hierdie aarde se geskiedenis tot sy hoogtepunt einde kom, wanneer alles in ag geneem is.

*Eerste koms: Die lydende Dienskneg*  
*Tweede koms: Die seëvierende Koning*  
*Is ons vir Sy wederkoms gereed?*

Tweeduisend jaar gelede het ons Here Jesus as die Lydende Dienskneg gekom. Hy het as die Bruidegom na Sy Bruid met Sy bruidskat, Sy geskenk, Sy aanbod van verlossing, gekom. Hierdie volgende keer sal dit heeltal anders wees. Hy sal as die seëvierende Koning terugkeer.

Ja, die langverwagte Messias sal na hierdie aarde terugkeer. Jesus Christus sal die sluiting van hierdie aarde se heilige geskiedenis bring. Dan volg die totstandkoming van Sy glorieryke Millennium Koninkryk.

*Die Nagmaalsbeker*  
*En ons deurgang verder*

So die Nagmaalsbeker is 'n dieper saak as wat ons gedink het. Terwyl ons die Beker van Christus drink, gaan ons deur 'n ingang. Sy Agapé Liefde is om ons gevou. In 'n Goddelike, blye en onverwagte gawe ontdek ons dat,

**....die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. - Rom. 5:5.**

Skielik is ons verby die selfbestaan.  
 Ons is "in Christus."

**Ons is in die gemeenskap met die liggaam van Christus. - 1 Kor. 10:16.**

Nou is ons begeerte, ons passie,  
 Om ons lewe uit te leef en om te getuig,  
 Die verbond wat ons met Hom mede-onderteken het;

- selfs, as dit op daardie uiterste getuienis neerkom;
- die getuienis van ons eie bloed.

Dit is die volle implikasie van die bloedverbond wat ons met Christus het.  
Dit is steeds 'n onverkondigde en onvermelde storie in die Weste.

Hierdie is die "res van die storie."

Hierdie is die volwaardige verbondenheid.

- V. Sal daar weer 'n beroep op die Westerse kerk gedoen word om die bloedverbond van ons Here Jesus Christus met getuienis te staaf?
- A. Gedurende die eerste drie eeue van kerkgeskiedenis het ons. In baie lande lewer baie Christen-gelowiges getroue getuienis aan die Nuwe Verbond.



Meer mense word nou gered as gedurende enige tyd vantevore in die geskiedenis.

Elke dag gee vyfhonderd Christene hulle lewens as getuies of martelare.

- V. Hoe is hulle in staat om dit te doen?
- A. Hulle doen dit deur God se Goddelike in staatstellende genade.
- V. Hoekom doen hulle dit?
- A. Hulle doen dit ter wille van Liefde.

\*\*\*\*\*